

# Vrouevertalers en -tolke van Khoesan-tale in die Suid-Afrikaanse koloniale geskiedenis: 'n morfogenetiese perspektief

Maricel Botha

---

Maricel Botha, Skool vir Tale, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

---

## *Opsomming*

Vrouevertalers is hoogs atipies in Suid-Afrikaanse koloniale geskiedenis. Tog tree vier belangrike vrouevertalers op die toneel wat interessant genoeg almal in of uit Khoesan-tale vertaal of getolk het en dus afgesien van hul gemarginaliseerde posisie as vroue ook gekoppel is aan gemarginaliseerde tale. Hierdie vertalers is Krotoa, 'n Khoe-tolk in diens van Jan van Riebeeck, Zara Schmelen, 'n Nama-sendingsassistent en Bybelvertaler, en Lucy Lloyd en Dorothea Bleek, Boesman-navorsers en familielede van die bekende filoloog Wilhelm Bleek. Hierdie navorsingsartikel stel belang in die maniere waarop die werk van hierdie vroeë vrouevertalers sosiale kondisionering uitgedruk het en in die eienskappe van hul agentskap binne 'n beperkende sosiale ruimte. Daar word bepaal watter hinderlike en bevorderende faktore betrokke was by hierdie vertalers se beoefening van vertaling en tolking en aandag word veral aan die ideologiese eienskappe van hul werk geskenk. Om hierdie sosiale eienskappe van vertaling te ontleed, word Margaret Archer se morfogenetiese benadering gebruik. Hierdie benadering behels 'n bestudering van struktuur, kultuur en agente en die wyses waarop hulle tot siklusse van sosiale verandering (morfogenese) of instandhouding (morfostase) bydra. Ten opsigte van agentskap word die ontleding gerig deur Archer se begrippe *primère agentskap (primary agency)*, wat uit sosiale rang voortspruit, *korporatiewe agentskap (corporate agency)*, wat uit sosiale organisasie voortspruit) en *sosiale akteurskap* (wat uit die vereenselwiging van persoonlike identiteit en sosiale rolle voortspruit). Die navorsing bevind dat toeval en manlike sanksionering teenwoordig was in hierdie vroue se betrokkenheid in vertaling, maar dat 'n sterk beoefening van agentskap teenwoordig was wat veral persoonlik gemotiveer was. Agentskap het egter geen organisasie behels nie, en was passief ten opsigte van sosiale verandering. Tog kon drie van die vrouevertalers sosiale akteurskap bereik, waardoor hul rol as vertalers met hul persoonlike identiteit verenig is.

**Trefwoorde:** agentskap; Dorothea Bleek; Khoesan-tale; Krotoa; Lucy Lloyd; morfogenese; vrouevertalers; Zara Schmelen

## Abstract

### Female translators and interpreters of Khoesan languages in colonial South African history: a morphogenetic perspective

Female translators were highly atypical in colonial South African history. Nevertheless, four important female translators appeared on the colonial translation scene who all, rather interestingly, translated from or into Khoesan languages. Besides their marginalised position as women they were, therefore, also linked to marginalised languages. These translators were Krotoa, a Khoe interpreter employed by Jan van Riebeeck, Zara Schmelen, a Nama mission assistant and Bible translator, and Lucy Lloyd and Dorothea Bleek, so-called Bushmen researchers and family members of the well-known philologist Wilhelm Bleek. Since female translators were so atypical in colonial South African history, their position within the social and cultural environment and their agency are particularly interesting. Questions arise about the circumstances that allowed women to work as translators within a restrictive social context and about the characteristics of their conduct as translators, especially with regard to their social positions and the cultural or ideological work accomplished through translation. This research report seeks to answer such questions by employing Margaret Archer's morphogenetic approach.

Archer's approach involves investigating structure, culture and agency and the ways in which these contribute to cycles of social change (morphogenesis) or stagnation (morphostasis) over time. By emphasising both structure and agency, Archer's approach is a response to the typical polarisation of structure and agency in social theories and provides a useful perspective for investigating translation and translators in cooperation. Archer understands structure broadly as any patterned social arrangement that *arises from* human (inter)actions, but also *influences* human (inter)actions. It includes social roles and norms. Archer elevates culture to a core element of social causality and understands it as ideas and beliefs that include propositional knowledge as well as myths and opinions.

*Agency* refers to the sphere of human action and interaction. Archer distinguishes between *primary agency* (agency derived from social rank), *corporate agency* (agency in its relation to social organisation), and *social actorship* (the unifying of personal identity and social roles), which direct the discussion of agency in this writing. Social conditioning occurs when structure and culture either limit or allow certain action alternatives of agents. However, over time human interaction also determines how culture and structures either stagnate or change. Structure and agency are viewed diachronically because structures necessarily precede the actions they transform and because structural expansion necessarily follows these actions. Archer thus possesses a fundamentally historical understanding of social processes, which allows structure, culture and agents to be discussed respectively and allows formation and transformation to be highlighted as guiding metaphors. The application of this approach to specific translators involves describing the morphological cycle in which translation activities are situated and then the agency of the translator(s) under the conditioning of structure and culture within that cycle.

The first translator, Krotoa, had been living with her uncle, the well-known Khoe chief and interpreter Autshumato ("Harry die Strandloper") when she was taken into the household of Jan van Riebeeck as a servant in 1653. Having learnt to speak Dutch fluently, she began working as an interpreter in negotiations with Khoe tribes in 1657 – an unusual role for a woman. She temporarily enjoyed an elevated status as an interpreter within Dutch society, but her life took a tragic turn after her husband's death and she spent the last years of her short life in prison.

The morphological cycle in which Krotoa's translating and interpreting activities took place was initiated with Dutch colonisation of the Cape. Certain structural conditions (the frailty of the initial Dutch encampment and the need for good relations with Khoekhoen trading partners) rendered Khoekhoen translation a necessity. However, a rapid change in structural characteristics involving greater VOC independence and hostility towards the Khoekhoen meant a short period of structural favouring of interpreting. Dominant ideological trends also contributed to the ephemerality of interpreting. A European ideology of supremacy manifested in the enforcement of Dutch as a lingua franca in trade. Krotoa's importance as a translator was thus short-lived. Like that of the other female translators researched, her involvement in translation was partially coincidental and dependent on male sanctioning. Nevertheless, a strong exercising of agency is evident in her translation work and Krotoa exploited coincidence to improve her social position. She was active in seeking information and in political negotiation, exploited views of women as reliable and "safe" and was even dishonest at times to improve her status in Dutch society. However, she navigated a complex intercultural realm and was often distrusted by both her own people and the Dutch, which limited her ability to achieve the status of social actor (whereby her personal and professional identities would have been unified).

In contrast with the infamy associated with Krotoa, Zara Schmelen (née Hendrichs or //Xaigas) is described in the English title of her biography as "the invisible woman" and little is known about this Nama mission assistant and Bible translator. Schmelen was born in 1793 and was a convert and then wife of German missionary Hinrich Schmelen of the London Missionary Society. She became instrumental in the first attempts at a Bible translation into Nama because of her husband's difficulty with learning the Nama language. Zara seems to have been responsible for the actual translation and naturalisation process, whereas Hinrich's role was to expound the Scriptures. At a mission station in Kommagas the couple produced a translation of the four Gospels, a catechism, a hymnal and a dictionary by 1830. Shortly after the printing of the gospels, Zara died of tuberculosis and the translation work ended. The morphological cycle in which this translation work took place is characterised by the spreading of Western influence and social structures to the interior and increasing contact between settlers and indigenous groups. Under the influence of Christian revivals in Europe, indigenous peoples were seen as candidates for evangelisation, but under colonial ideology also as candidates for "civilisation", and tension existed between liberal humanitarianism and colonial prejudice. Religious morphogenesis prompted Bible translation into indigenous languages, which tended to be carried out by European missionaries. The ideological climate limited women's work to the home and offered no room for women's involvement in Bible translation. Zara's involvement in translation was necessitated by her husband's language-learning difficulties, yet a strong exercising of agency is observable. Zara was dedicated to Biblical translation work amid difficult circumstances and saw this as her life's purpose. Her relative productivity and perseverance amid challenges and setbacks (such as the destruction of the first manuscript of the gospels by termites) attest to a very active agency. Her proclamation at the end of the proofreading of the Gospels that she had achieved her life's goal further implies that she reached the status of social actor.

Lucy Lloyd was the sister-in-law and Dorothea Bleek the daughter of famous German philologist Wilhelm Bleek, who settled in Cape Town in 1856 as curator of Sir George Grey's library. Wilhelm Bleek trained Lloyd as an assistant in "Bushman research", which consisted of collecting and translating into English the narrations of /Xam informants and resulted in a very extensive collection of texts. Lloyd continued the work after Wilhelm's death in 1875 for almost a decade. She moved to Europe in 1874, where she trained Dorothea Bleek in

the translation of /Xam and !Kung. Dorothea returned to South Africa in 1904 and pursued Bushman research full-time some years later. Her research was very broad, including as it did anthropological data collection and rock art research, and she also translated folklore from !Kung. As educated white women, these researchers possessed more agential freedom than Krotoa and Zara Schmelen in colonial society. Nevertheless, ideological conditioning still restricted women's role as researchers and translators, and Lloyd and Bleek remained on the periphery of South African academic networks. The morphological cycle which contextualised their scientific work included Western research motivations that can be traced back to the Enlightenment.

Wilhelm Bleek pursued a goal of tracing human development through linguistic research, and although Lloyd and his daughter continued in this tradition to some extent, they also pursued their own more personal goals and carved routes for the exercising of female agency. Lloyd was not bound by Wilhelm Bleek's ideas about race and had close relationships with informants. She had a "softer" and more empathetic research approach and moved away from mythology to investigating /Xam culture more generally. Dorothea Bleek's research was motivated by family tradition and loyalty rather than grand scientific theories. She positioned herself as central to her own scientific world and her use of female friends as field assistants represented a feminisation of her work environment. Both women created environments in which their personal and professional identities could be united rather than attempting to enter the existing scientific milieu.

This research article finds that coincidence and male sanctioning were present in these women's involvement in translation, but that a strong exercising of agency was present that was mainly personally motivated. Agency, however, did not involve any organisation (corporate agency), and was passive with respect to social change. Nevertheless, in most cases, these female translators were able to achieve the status of social actors.

**Keywords:** agency; Dorothea Bleek; female translators; KhoeSan languages; Krotoa; Lucy Lloyd; morphogenesis; Zara Schmelen

## 1. Inleiding

'n Terugblik op vertaling tydens die koloniale geskiedenis van Suid-Afrika toon, in ooreenstemming met geskiedkundige geslagsrolle, 'n onverbasende oorheersing van mansvertalers. Ten spyte hiervan tree vier belangrike vrouefigure wel op die toneel. Vrouevertalers in Suid-Afrikaanse koloniale geskiedenis vergestalt op treffende wyses die sosiale kragte wat vertaling beïnvloed en laat dus 'n insiggewende bespreking van vertaling as 'n sosiaal gekondisioneerde verskynsel toe. Omdat vrouevertalers in groot dele van gedokumenteerde Suid-Afrikaanse geskiedenis hoogs atipies is, is hul posisie binne die sosiale en kulturele omgewing, asook hul beoefening van agentskap binne hierdie ruimte, veral interessant. Vrae ontstaan rondom die omstandighede wat toegelaat het dat vroue binne 'n beperkende sosiale konteks as vertalers kon dien en rondom die eienskappe van hul gedrag as vertalers, veral ten opsigte van hul sosiale posisies en die kulturele of ideologiese werk wat hulle deur middel van vertaling uitgevoer het (sien Goodrich 2013:8). Hierdie tipe geskiedkundige ontleding help om die sosiale rol van vertaalhandelinge te beklemtoon deur uit te wys dat die geslag wat aan die vertalersrol

gekoppel word, sosiaal en kultureel beïnvloed word en dat geslag binne sosiale kondisionering tot spesifieke soorte vertaalgedrag mag lei.

Dit is interessant dat vier van die eerste gedokumenteerde vrouevertalers in Suid-Afrikaanse geskiedenis in of uit sogenaamde Khoesan-tale vertaal het. Die term *Khoesan* word soms as problematies beskou omdat dit 'n kunsmatige groepering van tale en/of kulture beskryf, maar die saamgroepering van Khoe-tale en Boesman-tale<sup>1</sup> (of San-tale) is in hierdie geval sinvol weens die status van hierdie tale as hoogs gemarginaliseerde inheemse tale. In hierdie artikel word daar aan vier vrouevertalers aandag geskenk wat, benewens hul perifere posisie as vrouevertalers, dus ook verteenwoordigend is van hoogs gemarginaliseerde tale. Hoewel hierdie ooreenkoms dalk toevallig is, bied dit 'n dubbele motivering vir ondersoek na hierdie vertalers in reaksie op geskiedkundige geringskatting.

Die eerste vertaler wat bespreek word, Krotoa (Eva hernoem), is die bekendste van die vier. Sy het in diens van Jan van Riebeeck as tolk tussen die Khoekhoen en Nederlandse setlaars gewerk en vermeldings van haar bespikkeld Van Riebeeck se dagboek. Dit het gesorg vir relatiewe bekendheid (of berugtheid) onder Suid-Afrikaanse geskiedkundiges. Die Afrikaanse film *Krotoa* (2017) dien as onlangse bewys van die belangstelling sedert demokratisering in Krotoa se tragiese lewensverhaal.

Die volgende vertaler, Zara Schmelen, is feitlik 'n geskiedkundige skim, al was sy grotendeels verantwoordelik vir die eerste vertalings van die evangelies en Christelike literatuur in Nama. Schmelen was, nes Krotoa, van inheemse afkoms, maar haar werk vind plaas in 'n tydperk waartydens kulturele assimilasie sterk op dreef was, naamlik die vroeë 19de eeu.

Die laaste twee vertalers, Lucy Lloyd en Dorothea Bleek, is hoofsaaklik bekend as familielede van die bekende Duitse filoloog Wilhelm Bleek. Hulle het nietemin 'n belangrike rol in die vertaling van folklore, geskiedenis en inheemse kennis uit die Boesman-tale /Xam en !Kung in Engels gespeel. Bleek en Lloyd was aktief in die laat 19de en vroeë 20ste eeu en hoewel die wetenskapstelsel op hierdie stadium belangrike veranderinge ondergaan het, het hulle as vroue hoofsaaklik op die wetenskaplike periferie verkeer.

In hierdie artikel word hierdie figure vanuit 'n sosiologiese perspektief benader eerder as bloot geskiedkundig, en hierdie navorsing sluit daarom aan by die sosiologie van vertaling. Die sosiologie van vertaling verteenwoordig 'n taamlik onlangse vertakking van die vertaalkunde wat ten doel het om die belangrike, maar dikwels verskuilde sosiale rol van vertaling ten volle te ontbloot deur van sosiologiese teorieë en metodologieë gebruik te maak. In die navorsing bied die morfogenetiese benadering van die Britse sosioloog Margaret Archer die sosiologiese grondslag. Archer se benadering behels 'n beskouing van die samelewning in terme van geskiedkundige prosesse van sogenaamde *morfogenese*, waartydens die vorm van sosiale stelsels verander, en *morfostase*, waartydens die vorm van sosiale stelsels (tydelik) behoue bly. In sulke prosesse van sosiale verandering en instandhouding, wat eintlik gelyktydig plaasvind maar nietemin tot progressiewe sikklusse neig, is drie entiteite betrokke: struktuur, agente en kultuur. Deur die invloed van struktuur en agentskap te benadruk (ek laat kultuur vir die oomblik buite rekening), is Archer se benadering 'n reaksie op die tipiese polarisasie van struktuur en agentskap in sosiale teorieë. Sosiale teorieë toon naamlik dikwels 'n neiging om óf die vryheid van menslike agente te oorbeklemtoon (opwaartse samesmelting, soos in rasionelekeuse-teorieë), óf die beperkende rol van sosiale strukture te oorbeklemtoon (afwaartse samesmelting, soos in Niklas Luhmann se antihumanistiese sosialesisteemteorie). Ander teorieë poog om

agentskap en struktuur gelyktydig in ag te neem, maar, volgens Archer, sonder om die nodige onderskeid te tref (sentrale samesmelting, kenmerkend van die strukturasieteorie van Anthony Giddens (1984), wat meeding met Archer se benadering rondom die middel van die kontinuum). Archer se benadering word op sy beurt gekritiseer vir die “kunsmatige” skeiding van agentskap en struktuur wat daarin aangetref word. Die onvermoë van sosiologiese teorieë om die invloed van struktuur en agentskap bevredigend te versoen, is tereg beskryf as ’n onoplosbare Gordiaanse knoop (Bieler en Morton 2001). Tog kom Archer se poging naby genoeg aan ’n verligting van die spanning dat dit ’n nuttige perspektief bied van waar vertaling en vertalers in samewerking bestudeer kan word.

Nadat ’n meer uitvoerige verduideliking van Archer se benadering en die huidige toepassing daarvan onder die volgende opskerif gebied word, word die werk van die vier vrouevertalers ontleed deur telkens biografiese inligting te verskaf, die betrokke morfogenetiese siklus te beskryf en agentskap onder die kondisionering van die betrokke siklus te ontleed.

## 2. Teoretiese raamwerk

Margaret Archer se morfogenetiese benadering (let op die woord *benadering* eerder as *teorie*) het in die laat 1970's verskyn en het ’n beduidende bydrae tot die sosiale wetenskappe gemaak, hoewel dit nog min aandag in die vertaalkunde geniet het. Archer se beskrywing van drie moontlike teoretiese vlakke is ’n goeie vertrekpunt in die beskrywing van haar benadering. Archer (2013:9) benadruik dat daar agter sosiale teoretisering altyd (bewus of onbewus) ’n *sosiale ontologie* steek wat die elemente van die sosiale wêreld definieer. Archer plaas heelwat klem op hierdie teoretiese vlak as gevolg van ’n voorafgaande sosiologiese tradisie wat gekonsentreer het op empirisme en metodologie sonder om genoeg aandag te skenk aan die ontologieë wat deur spesifieke metodes en benaderings geïmpliseer word (Archer, Decoteau, Gorski e.a. 2017).

In Archer se geval word ’n ontologie van kritiese realisme duidelik aangewys as die fondasie van haar aanslag. Kritiese realisme berus op ’n erkenning dat ’n sosiale realiteit onafhanklik van ons vermoë om dit waar te neem bestaan (en dit is in hierdie sin ’n reaksie op positivisme). Dit erken egter ook dat ons waarneming daarvan noodwendig gekonstrialiseer en feilbaar is en dat verskillende waarnemings daarvan gelyktydig geproduseer kan word wat tot dieselfde mate wetenskaplik gegrond is. Dit is ook ’n reaksie op konstruktivismse se relativering van die sosiale wetenskappe en neiging tot beskrywing eerder as kousale bevraagtekening. Kritiese realisme stel huis belang in realiteit en die oorsake en oorspronge van sosiale verskynsels en skroom nie daarvan weg in ’n atmosfeer van postmoderne skeptisisme nie. Archer se filosofiese benadering laat om hierdie rede (en as gevolg van die waardering van agentskap) bespreking toe van hoe sosiale strukture verander en verbeter kan word. Archer (2013:8) sê in hierdie verband: “We have not given up on explanations [...] and we are still in search of generative mechanisms, rather than handing the future over to contingency.” Uit hierdie ontologiese vlak van teoretisering spruit daar, tweedens, ’n sogenaamde *verklarende program* voort (Archer 2013:9), wat in Archer se geval die morfogenetiese benadering is. Archer gebruik die afkorting *M/M* in verband met hierdie benadering om aan beide morfogenese en morfostase erkenning te gee, maar daar word tog oor die algemeen hierna as die morfogenetiese benadering verwys (wat altyd morfostase impliseer). Die beklemtoning van morfogenese spruit voort uit die groter


tersaaklikheid van verandering as stagnasie in die beskrywing van die samelewing oor tyd en die soektog na oorsake van sosiale verskynsels.

Archer (2013:9) verwys na die morfogenetiese/morfostatiese benadering as 'n benadering eerder as 'n teorie omdat dit slegs 'n beskrywende program bied en op sy eie niks verklaar nie. Dit hang van die navorser af om die benadering as raamwerk te gebruik om 'n *praktiese sosiale teorie* (PST), die derde vlak, te skep (Archer 2013:10). Maccarini (2013:42) tref die onderskeid deur te verduidelik dat die M/M-benadering 'n konseptuele raamwerk bied, terwyl die PST na die toepassing daarvan in die bestudering van 'n sosiale verskynsel of stel verskynsels verwys. Laasgenoemde lei tot stellings (tesisse) oor daardie spesifieke gedeelte van sosiale realiteit. Die PST laat Archer dus oor aan die gebruiker van die morfogenetiese benadering en dit mag byvoorbeeld die skepping van 'n teorie rondom die ontstaan van onderwysstelsels in spesifieke samelewings behels (soos in die geval van Archer se eerste toepassing van haar benadering in 1979). Archer erken terloops dat haar benadering in hierdie sin aan 'n metodologie grens. Tog word dit nie 'n metodologie genoem nie en kan dit steeds met spesifieke metodologieë gekombineer word. Omdat die morfogenetiese benadering 'n spesifieke ontologie impliseer en teoretisering meer doelgerig as algemene metodologieë stuur, dien dit in terme van rigting-gewing en navorsingsstrukturering 'n algemeen "teoretiese" doel, hoewel dit 'n spesifieke teorie tot gevolg mag hê. In hierdie sin word dit in hierdie navorsing as 'n teoretiese *benadering* gebruik. Die M/M-benadering word dus gebruik as 'n raamwerk om 'n tesis te help vorm rakende die agentskap van vrouevertalers van KhoeSan-tale in die Suid-Afrikaanse koloniale geskiedenis. Aangesien slegs vier agente hier beskou word, is die omvang van die navorsing te klein om werklik 'n teorie te skep, en om hierdie rede word die woord *tesis* verkieks om breedweg na waarnemings rondom die agentskap van vrouevertalers te verwys. Aangesien die M/M-benadering 'n kritis realistiese ontologie weerspieël en komplementeer, word 'n onderdanigheid aan hierdie ontologie reeds in die gebruik daarvan geïmpliseer. Wat ontologie betref, is dit dalk nietemin nodig om te erken dat die ontleding wat volg, 'n interpretasie is wat uit 'n hedendaagse begrip van geslagsgelykheid voortspruit – maar nie uit 'n feministiese filosofie nie. Tweedens het dit betrekking op waarneembare eienskappe van 'n sosiale realiteit met die doel om insigte rondom vertaling se sosiale aard op te lewer. In terme van die M/M-benadering is nog verduideliking nodig, en die res van hierdie afdeling is toegewy aan 'n beskrywing en verduideliking van die toepassing daarvan.

## 2.1 Die morfogenetiese benadering

Sover is daar genoem dat drie elemente (struktuur, agente en kultuur) tot sikkusse van verandering en stagnasie in die samelewing binne die morfogenetiese benadering bydra. Archer verstaan *struktuur* breedweg as enige sosiale rangskikkings wat 'n tipe patroon uitdruk en uit menslike (inter)aksies *voortkom*, maar menslike (inter)aksies terselfdertyd *beïnvloed*. Dit sluit ook sosiale rolle en norme in (Case 2015; Little 2012), waar *rolle* hier veral belangrik is. In verband met kultuur, die tweede element, is Archer kritis ten opsigte van sosioloë se fokus op struktuur en agente ten koste van kultuur (Archer en Morgan 2020:184). Archer verhef kultuur na 'n kernelement van sosiale kousaliteit en verstaan dit as idees en oortuigings wat propositionele kennis asook mites, oortuigings en opinies insluit (Case 2015:843). *Propositionele kennis* verwys na idees wat in 'n logiese verhouding met ander idees geplaas kan word, soos byvoorbeeld in die wetenskap, terwyl ander tipies idees en oortuigings (soos gelowe) mag vrystaan van 'n logiese vereiste. In hierdie artikel word die klem veral op ideologie geplaas as 'n uitdrukking van oorhoofse kulturele strominge. Die klem op ideologie verteenwoordig 'n poging om die sosiale "stuurvermoë" van idees en oortuigings te beklemtoon, en hul skakeling

met kultuur (veral die Westerse koloniale kultuur) word deurgaans uitgelig. Die derde element, *agentskap*, het te doen met die sfeer van menslike aksie en interaksie, 'n ruimte wat gekondisioneer en gekontekstualiseer word deur die invloed van struktuur en kultuur (Case 2015:843). *Kondisionering* verwys na die manier waarop struktuur en kultuur die aksie-moontlikhede van agente óf beperk óf toelaat. Menslike interaksie oor tyd bepaal weer hoe kultuur en strukture óf stagneer óf verander (Case 2015:843). Archer druk hierdie beginsel aan die hand van *morfostase* uit in die volgende diagram (vertaal uit Archer 2013:7).



**Figuur 1. Sosiale morfostase**

Die beginsel van wedersydse beïnvloeding tussen struktuur, kultuur en agente wat hier uitgebeeld word, bly dieselfde wanneer dit by morfogenese kom. Die verskil is dat strukturele en kulturele uitbreiding 'n verandering van siklus tot gevvolg het onder morfogenese, waar strukturele en kulturele instandhouding by morfostase lei tot die behoud van dieselfde siklus. Archer merk op dat teenstrydigheid tussen kultuur en struktuur meer geneig is om tot morfogenese te lei as 'n harmonieuze verhouding tussen die twee. Die klem op tyd wat in die diagram geïmpliseer word, verteenwoordig 'n groot onderskeid tussen Archer se benadering en haar mededinger, Giddens (1984), se strukturasieteorie. Strukturele kondisionering, gevvolg deur sosiale interaksie en dan strukturele verandering of instandhouding verteenwoordig naamlik drie tydstippe in die M/M-benadering. In verband met die versoening van struktuur en agentskap verduidelik Archer (Archer en Morgan 2020:184) dat struktuur en agentskap huis *diachronies* oor verskillende tydperke werk omdat strukture die aksies wat hulle transformeer, noodwendig voorafgaan en omdat strukturele uitbreiding hierdie aksies noodwendig volg. Archer besit dus 'n fundamenteel historiese begrip van sosiale prosesse, wat toelaat dat struktuur, kultuur en agente onderskeidelik bespreek kan word en dat skepping en verandering (oftewel formasie en transformasie) as leidende metafore uitgelig kan word.

Nog 'n belangrike eienskap van die M/M-benadering is dat dit op verskillende vlakke van ondersoek toegepas kan word weens die oopheid daarvan en die erkenning van struktuur, kultuur én agente. Dit laat om hierdie redes ontleding van grootskaalse strukture soos

kapitalisme tot kleiner entiteit soos firmas of individuele agente toe. In teenstelling met Archer se bekende makrovlak-implementering daarvan om die oorsprong van onderwysstelsels te ontleed, gebruik Case dit byvoorbeeld om die agentskap van twee ingenieurswesestudente in die konteks van 'n spesifieke universiteitskursus te ontleed. Archer self gebruik van 'n sokkerspan, orkes of liefdespaartjie tot politieke partye en regerings as voorbeeld wanneer sy haar benadering uiteensit. Little (2012) verduidelik in hierdie verband: "The methodological insight that seems to come along with morphogenesis [is] the idea that it is valuable to move both *upwards* towards more comprehensive social structures and *downwards* towards more refined understanding of action and interaction."

In die huidige toepassing word daar voordeel getrek uit die buigsaamheid van die M/M-benadering deur individuele agente op die mikrovlak te ondersoek, maar in die konteks van grootskaalse strukturele en kulturele eienskappe van die samelewing. Die Suid-Afrikaanse koloniale samelewing bied die breedste kontekstualiserende raamwerk en sosiale stelsels soos ekonomiese, religieuse en wetenskapstelsels 'n mesovlakraamwerk, maar die klem is veral op individuele agentskap.

Wat agentskap betref, bied Archer 'n breedvoerige raamwerk waarin *agente* geensins bloot sinoniem met *mense* is nie. In haar boek *Being human: The problem of agency* (2000) onderskei sy tussen die self, die persoon, die agent en die akteur. *Die self* verwys na 'n voortdurende selfbewussyn ("sense of self") wat van jongs af ontwikkel en nie sosiaal is nie. Dit gaan al die ander bogenoemde begrippe vooraf en verenig verskeie ervarings, refleksiewe evaluerings, verwagtinge, ens. in een menslike wese (Archer 2000:257). Die begrip *persoon* het te make met persoonlike identiteit wat met volwassenheid ontstaan en berus op 'n bewussyn van persoonlike belang en hoe ander binne hierdie belang geakkommodeer mag word (Archer 2000:257). Die persoon ontstaan in reaksie op omgang met die omgewing, praktyke en die samelewing en is, nes die self, nie sosiaal nie.

Sosiale identiteit spruit uit agentskap en akteurskap, wat Archer definieer as "our 'social selves' which emerge respectively through our involuntary embroilment in society's distribution of resources and our voluntary involvement in society's role-array" (2000:254). Alhoewel Archer *agentskap* breedweg gebruik as 'n verwysing na die sfeer van menslike aksie of na menslike handelsvermoëns, besit sy ook 'n enger begrip daarvan wat tussen primêre en korporatiewe agentskap onderskei. Die voorafgaande verwysing na mense se onwillekeurige verwikkeling in die verspreiding van hulpbronne verwys hoofsaaklik na primêre agentskap. *Primêre agentskap* verwys met ander woorde na die posisies wat met geboorte aan mense toegeskryf word binne 'n ongelyke, hiérargiese samelewing; dit wil sê, die omstandighede waarin 'n mens gebore word, wat bepaal wat mense as moontlik, haalbaar of wenslik projekteer (Archer 2000:262). In hierdie sin is almal primêre agente.

*Korporatiewe agente* is agente wat na afloop van refleksie, of besinning, bewus is van wat hulle wil bereik, dit aan hulself en ander kan verwoord en kan organiseer om dit te bereik. Korporatiewe agente kan dus gefokuste aksie uitoefen om sekere strukturele of kulturele eienskappe van die samelewing te verander (Archer 2000:265). Korporatiewe agente is dus werksaam binne groepe met gevestigde belang. Primêre agentskap kan wel tot sosiale morfogenese lei (anders sou dit nie agentskap wees nie), aangesien soortgelyke reaksies binne sosiale groeperings kan ontstaan, wat 'n beduidende gesamentlike effek kan uitoefen. Primêre agentskap kan egter nie 'n strategiese, sistematiese en georganiseerde effek uitoefen nie (Archer 2000:266). Die in 'n sekere sin passiewe aard van primêre agentskap berus dikwels op

die strukturele en kulturele beperking van onderdrukte of onbevoorregte groepe, wat organisasie verhoed. In hierdie gevalle kondisioneer heersende korporatiewe agente die samelewing om morfostase in stand te hou. Korporatiewe agentskap skep dus 'n belangrike konteks vir agentskap (Archer 2000:266).

*Akteurskap*, die laaste belangrike begrip, voer agentskap 'n stap verder in die sin dat dit persoonlike identiteit en sosiale identiteit versoen. Akteurs is naamlik agente wat sosiale rolle vind waaraan hulle hulself kan toewy sodat hul sosiale identiteit 'n uitdrukking van hul persoonlike identiteit in die samelewing is (Archer 2000:261). Daarom is nie alle agente akteurs nie. Archer verduidelik dat morfogenese, wat veral voortspruit uit die werk van korporatiewe agente, meer ruimte laat vir akteurskap, omdat dit die beskikbare sosiale rolle mag uitbrei. Tog hoef 'n individu nie 'n korporatiewe agent te wees om 'n sosiale akteur te wees nie. Die sosiale rolle waarna Archer in verband met akteurskap verwys, kan 'n individu se rol as ouer, werker of gemeentelid insluit, hoewel beroepsrolle veral aandag in haar skrywe geniet en hier veral ter sake is.

Archer ontleen die begrippe *positiewe* en *negatiewe terugvoer* aan die kubernetiese stelselteorie om te verduidelik hoe morfogenetiese sikklusse deur agentskap gereguleer word. Sy beklemtoon, in teenstelling met stelselteoretici, dat alle sosiale terugvoer op menslike refleksiwiteit berus, hetsy individueel of gesamentlik, en nie outomaties is nie (Archer 2013:8–9). Die weë wat deur agente geneem word, word deur hul interne refleksiewe gesprekke bepaal, wat kommunikatief uitgedruk mag word, al dan nie (Archer 2013:9). Menslike refleksiwiteit bemiddel dus sosiale terugvoer. Hierdie begrip van terugvoer is belangrik ten opsigte van Archer se doel om 'n balans tussen struktuur en agentskap te handhaaf en is veral 'n poging om afwaartse samesmelting teen te werk. In die besprekings wat volg, word refleksiwiteit nie indringend bespreek nie, maar leidrade tot of rekords van besinning dien nietemin as 'n basis vir die ontleding van agentskap.

### 3. Krotoa (ca. 1642–1674)

Krotoa word, soortgelyk aan Saartjie Baartman, as 'n tragiese slagoffer van koloniale en patriargale oorheersing beskou. Haar geskiedenis is veral weens haar dood op ongeveer 32 as 'n losbandige alkoholverslaafde, deur koloniale en apartheidsgeskiedkundiges in 'n uiter negatiewe lig uitgebeeld (Conradie 1998:56–7 en Wells 1998:417). Om hierdie redes en weens die gebrek aan bewyse van haar eie refleksiwiteit (simptomaties van haar lae status as inheemse vrou) was daar sedert 1994 verskeie pogings om haar geskiedenis te herskryf (Conradie 1998:57–8 en Wells 1998:417–8). Wells (1998:418) wys daarop dat groot gapings in die geskiedkundige rekord geleei het tot 'n hoë mate van subjektiwiteit in die uitbeelding van Krotoa. Daar is veral klem gelê op haar posisie tussen kulture (wel hier belangrik in terme van kulturele kondisionering), naas die tragiese omstandighede van haar latere lewe, terwyl die prestasies van haar vroeër lewe dikwels misgekyk is. Dit is egter juis hier dat haar agentskap as tolk van belang is.

#### 3.1 Lewenskets

Krotoa is rondom 1642 in die Goringhaikwa-stam gebore, maar het saam met haar oom, die bekende stamhoof en tolk Autshumato (oftewel Harry die Strandloper), by die Goringhaikona-

stam (Strandlopers) gaan woon. Sy het in 1653 as diensmeisie deel van die Van Riebeeck-huishouding geword, waarskynlik as 'n diplomatische gebaar van welwillendheid, maar moontlik ook om inligting te verkry (Wells 1998:423), en sy is Eva hernoem. Sy het in hierdie posisie Nederlands vlot leer praat en het ook kennis van Portugees besit. Vanaf 1657 het sy as tolk begin dien in onderhandelinge met Khoë-stamme – 'n ongewone rol vir 'n vrou. Dit is interessant dat sy as diensmeisie 'n sari (slawedrag) gedra het, as tolk Europese klere gegee is, en tradisionele klere verkies het op besoek by haar mense. Haar verskillende sosiale rolle is dus in haar kleredrag gemanifesteer (Landman 1996:33). Wat haar lewe as bediende betref, is daar heelwat bespiegeling dat sy as 'n meisie sonder status en as een van baie min vroue in die setlaargemeenskap 'n slagoffer van seksuele mishandeling kon gewees het. Die feit dat sy met tye na haar eie mense teruggekeer (of gevlug) het, word deur sommiges vertolk as teenstrydig met die teerheid wat Van Riebeeck in sy dagboek teenoor haar uitdruk (Abrahams 1996), maar daar is geen bewyse hiervan nie. Van Riebeeck se teerheid teenoor en hoë agting vir Krotoa is wel opvallend. As tolk was sy vir hom besonder waardevol weens haar vermoë om moeitelos tussen die Khoë- en Nederlandse gemeenskappe te beweeg. Tog was daar met tye wantroue teenoor haar van albei groepe. Sy is trouens heeltemal deur die Goringhaikwa-stam verworp en verwysings na 'n ingewikkeld liminale bestaan oorheers die literatuur oor Krotoa.

Tydens die hoogtepunt van haar loopbaan as tolk was sy ook betrokke in onderhandeling en die verkryging van inligting. In hierdie tydperk, rondom 1659, het Krotoa 'n verhouding met 'n sjarmante jong man in diens van die Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC), Pieter van Meerhoff, aangeknoop. Die paartjie het twee kinders gehad voor hul huwelik in 1664, waarna 'n derde kind gevolg het. Haar huwelik met Van Meerhoff en doop kort voor die Van Riebeeks se vertrek uit die Kaap verteenwoordig moontlik 'n poging tot statusbehoud. Moontlike redes hiervoor is dat Van Riebeeck se opvolger, Zacharias Wagenaar, 'n uiters negatiewe indruk van Krotoa en die Khoekhoen gehad het en dat Krotoa se bruikbaarheid as tolk afgeneem het namate handel gevinstig geraak het en verhoudinge met die Khoekhoen versleg het (Wells 1998:433). Nogtans beskryf Wells (1998:430) die verhouding met Van Meerhoff as 'n "romantic liaison of choice". Toe Van Meerhoff in 1655 superintendent van Robbeneiland gemaak is, het Eva hom daarheen vergesel. Twee jaar later is hy aangestel om 'n ekspedisie na Madagaskar te lei, waar hy vermoor is. Na hierdie gebeurtenis neem Krotoa se verhaal 'n slechte wending wat eindig met haar opluiting op Robbeneiland in 1669 weens dronkenskap en onwelvoeglike gedrag en haar dood kort daarna in 1674.

### **3.2 Morfogenetiese siklus**

Krotoa se verhaal speel af in 'n tydperk waartydens Nederlandse kolonisering van die Kaap (1652–1795) grootskaalse sosiale morfogenese in Suid-Afrika tot gevolg gehad het. Interkulturele kontak is tydens hierdie tydperk hoofsaaklik deur handel gemotiveer. Handel het tolking as die eerste en belangrikste vertaalmodus gestimuleer. Sekere strukturele toestande het die noodsaaklikheid van tolke ondersteun en ook waarskynlik geleid tot die indiensneming van Krotoa in 'n vriendskaplike atmosfeer. Wells (1998:420) verwys in hierdie verband na "the flimsiness of the initial Dutch encampment and their high dependency on good relations with their Khoena [Khoë] neighbours", veral as gevolg van die Khoekhoen se verskaffing van vee aan die Compagnie. Alexander (1989:9) en Beukes (1993:154–5) beklemtoon die koloniste se absolute afhanklikheid van tolke vir hul oorlewing in hierdie vroeë koloniale konteks – 'n situasie wat baie delikate en versigtige politieke omgang tot gevolg gehad het. 'n Vinnige verandering in strukturele eienskappe, gekenmerk deur groter Compagnie-onafhanklikheid,

gepaard met vyandigheid teenoor die Khoekhoen, het egter 'n kort tydperk van strukturele begunstiging van tolking beteken.

Ook heersende ideologiese tendense het tot die kortstondigheid van tolking bygedra. 'n Europese meerwaardigheidsideologie, ondersteun deur Calvinistiese Protestantisme se fokus op uitverkiesing en "behoorlikheid", het in die afdwing van Nederlands as 'n lingua franca in handelsomgang gemanifesteer. Dit het vertaling as 'n vorm van interkulturele uitruiling ook ontmoedig weens 'n afkeuring van inheemse kultuur. Die verbasende spoed waarteen die Khoekhoen Nederlands geleer het<sup>2</sup> en waarteen die Kaapse Khoe-taal begin uitsterf het (reeds teen 1750), was dus nie bloot toe te skryf aan 'n besondere taalaanleg onder die Khoekhoen of die vermeende moeilikheidsgraad van Khoe nie. Dit verteenwoordig eerder 'n uitoefening van ideologies gemotiveerde taalonderdrukking wat op strukturele vlak in 'n eentalige taalbeleid uitgedruk is. Alexander (1989:10–1) verwys dus inderwaarheid na ideologiese taalkondisionering wanneer hy verduidelik: "[T]here was never any serious or systematic attempt on the part of colonists to acquire a knowledge of the local languages, which, to them, sounded like the clucking of turkeys." Alexander (1989:11) voer verder aan dat die VOC, "ever mindful of the need to reduce costs, decreed that 'the natives should learn our language, rather than we theirs!'". Hierdie houding was die gevolg van die bogenoemde meerwaardigheidsideologie, maar was ook 'n "luuksheid" wat gespruit het uit 'n militêre oorhand (m.a.w. strukturele begunstiging). Wat die strukturele en kulturele eienskappe van die handelsperiode betref, was daar dus slegs 'n relatief kort aanvanklike tydperk waarin vertaling in die direkte handelskonteks heelwat waarde besit het. Dit is in die konteks van hierdie kort periode dat Krotoa se agentskap ontleed moet word.

### 3.3 Agentskap

Krotoa was een van slegs 'n handjievol Khoe-tolke in die vroeë koloniale periode, onder wie Autshumato (Harry), Doman (Anthonij), Kaik Ana Ma Kouko (Claes Das) en Otegno (Pieter) getel het en van wie slegs Krotoa, Autshumato en Doman aansien geniet het. Om die skaarsheid van vrouetolke in die groter konteks te waardeer, moet mens ook in gedagte hou dat daar buiten Zara Schmelen (wat soms getolk het) geen Khoe-vrouetolke onder die latere sendingtolke was nie en dat daar tydens die Nederlandse en Britse koloniseringsperiodes slegs een ander vermelding<sup>3</sup> van 'n (naamlose en vermoedelik tydelike) Indiese vrouetolk is. Ideologiese kondisionering in setlaar- en Khoe-samelewings was vir hierdie skaarsheid verantwoordelik. Alhoewel daar ideologiese verskille rondom die rol van vroue in hierdie samelewings was, was hul sosiale funksie in albei gevalle hoofsaaklik tot die huishouding of kraal beperk en het dit nie onderhandeling, bemiddeling en handel ingesluit nie. Krotoa se geslag, 'n eienskap van haar primêre agentskap, was in hierdie opsig nie bevorderlik ten opsigte van haar rol as vertaler nie. Dit laat die vraag ontstaan hoe Krotoa die posisie van tolk, maar ook inligtingverskaffer en handelsagent, binne hierdie ideologiese beperking kon beklee het.

Sekere eienskappe van Krotoa se primêre agentskap, tesame met sekere strukturele en kulturele toestande, het haar verwikkeling in Westerse kultuur in die eerste plek toegelaat. Wells (1998:419) vermoed dat haar posisie as pleegkind daartoe kon gelei het dat huis sy as diensmeisie aangebied is, terwyl Scully (2005:1) haar identiteit as vrou as rede bied. Scully (2005:1) beklemtoon die feit dat die uitruil van vroue die hoofmanier was om alliansies te vorm in inheemse samelewings waar die familie die hoofuitdrukking van die sosiale en politieke gemeenskap verteenwoordig het. Die feit dat Krotoa uit die Goringhaikona-stam geneem is, is ook in hierdie verband belangrik. Die Goringhaikonas was naamlik 'n baie klein stam (ca. 50

mense) wat aanvanklik nie vee besit het nie en daarom 'n laer posisie as veebesittende Khoestamme gehad het, maar voordeel getrek het uit onderhandeling tussen Westerlinge en die Khoekhoen. Hierdie toestande het Krotoa in terme van haar primêre agentskap geskik gemaak vir indiensneming deur die Van Riebeecks.

Wat haar rol as tolk meer direk betref, was toeval ter sprake. Haar meertaligheid en beskikbaarheid, en Van Riebeeck se goedgunstigheid teenoor haar het hier 'n rol gespeel. In verband met Van Riebeeck is dit opvallend dat daar in elkeen van die gevalle wat in hierdie artikel bespreek word, sprake is van 'n manlike figuur deur wie agentskap goedgekeur, toegelaat of selfs oorgedra is. Tog het agentskap wel 'n beduidende rol in Krotoa se geval gespeel. Krotoa het naamlik toeval aktief uitgebuit om haar sosiale posisie te verbeter. Scully (2005:5) druk hierdie siening taamlik sterk uit wanneer sy aanvoer: "Krotoa [...] was masterful at manipulating the context in which she found herself." Wells (1998:423) druk dieselfde sentiment uit in haar stelling dat "Eva [...] actively and steadily placed herself in a central position within the Dutch establishment" (my beklemtoning). Sy noem verskeie maniere waarop Krotoa haar agentskap uitgeoefen het (sonder om dit eksplisiet as agentskap te identifiseer). Wells (1998:421) impliseer byvoorbeeld dat Krotoa se aanleer van Nederlands agentskap uitgedruk het in haar stelling: "[S]he took advantage of her position to learn Dutch fluently, 'almost as well as a Dutch girl'" (my beklemtoning). Dit is inderdaad moontlik dat Krotoa die bemeestering van Nederlands, wat deur haar omstandighede toegelaat is, aktief nagestreef het om binne haar onmiddellike verblyfs- en werkskonteks aanvaar te word. 'n Verdere voorbeeld van agentskap was haar baie aktiewe rol in die insameling van inligting. Weens haar gedeeltelike afgesonderdheid van die Khoekhoen moes sy aktief optree om inligting in te samel en was die inligting wat sy aan die Nederlanders verskaf het, nie deel van haar passiewe kulturele kennis nie. Wells (1998) bied breedvoerige verduidelikings van die operatiewe en politieke aard van haar onderhandeling tussen die Khoekhoen en Nederlanders in komplekse situasies soos oorlog en die soektog na nuwe binnelandse handelsvennootskappe. Sy het in die laasgenoemde geval byvoorbeeld gewerk om vertroue tussen die Kochokwa-stam en die Nederlanders tot stand te bring om die weg vir handel oop te maak (waarin sy geslaag het). Sy het ook nuwe handelsprodukte soos speserye aan die Nederlanders bekendgestel en het hulle selfs oorreed om 'n nar en musikante na die stamhoof Oedasoa te stuur om sy guns te wen (Wells 1998:426–7).

'n Verdere aspek van haar agentskap was die uitbuiting (Wells se woordkeuse) van stereotipes (oftewel ideologieë) rondom vroue, wat haar veilig en betroubaar laat voorkom het (Wells 1998:418). Scully (2005:3–4) noem in hierdie opsig dat die stereotipe van vroue as versoeners en versorgers by die bemiddelingsrol ingeskakel het. Dus: Hoewel kulturele kondisionering mans gewoonlik as tolke begunstig het, was haar geskiktheid vir die rol in hierdie sin nie heeltemal teenstrydig met idees rondom vroulikheid nie. In die uitbuiting van haar "betroubaarheid" as vrou het Krotoa haar van die manlike tolke onderskei en sodoende ruimte vir haar agentskap geskep. Terwyl Doman 'n rebellie teen die Nederlanders gelei het en Autshumato vee by hulle gesteel het, was Krotoa se grootste oortreding teenoor die Nederlanders, volgens Van Riebeeck, dat sy die Nederlanders te veel gevlei het (Wells 1998:421). Van Riebeeck spreek egter in sy dagboek ook die vermoede uit dat sy informante se woorde heelwat versier het (Wells 1998:424) en daar is konkrete bewyse van oneerlikheid met tye. Wells (1998:424) beskryf haar tolkwerk in hierdie verband as "scarcely passive or simply functional" – sy het dus 'n vorm van "kreatiewe" agentskap uitgeoefen in 'n poging om haar aansien onder die Nederlanders te versterk en haar verhewe status as tolk te behou. Daar is vroeër genoem dat haar huwelik en doop ook in die lig van haar aanvaarding in die koloniale

samelewing vertolk kan word, veral as gevolg van die feit dat dit kort voor Van Riebeeck se vertrek geskied het. Die feit dat Krotoa inheemse kleredrag op besoek by die Khoekhoen verkies het, verteenwoordig moontlik 'n soortgelyke poging tot aanvaarding binne die Khoe-gemeenskap (Wells 1998:426).

Krotoa se aanvaarding binne albei samelewings was egter kompleks en wisselvallig en die kulturele omgewing waarbinne sy moes navigeer, was heelwat ingewikkelder as dié van die ander tolke. Haar posisie as inheemse vrou het nie vir haar veel moontlikhede vir 'n beter bestaan gebied binne haar onmiddellike omstandighede nie en haar sosiale status en aanvaarding het grootliks van haar sukses as tolk afgehang. Haar bemoeiing kan in hierdie sin moontlik as 'n sosiale oorlewingstrategie gesien word eerder as bewys van akteurskap. Al kon Krotoa moontlik status in die Kochockwa-stam geniet het, was daar waarskynlik druk op haar om haar bemiddelingsrol van binne die Nederlandse gemeenskap uit te voer (Wells 1998:427). Hierdie komplekse kondisionering en liminaliteit het Krotoa se potensiaal om as sosiale akteur te leef waarskynlik teengewerk. Die moontlikheid om in haar sosiale rol uitdrukking aan haar persoonlike identiteit te gee (of om haar persoonlike identiteit sonder teenkanting uit te leef) was baie beperk. Landman (1996:31–2) som die spanning tussen Krotoa se sosiale kondisionering en haar agentskap goed op in haar stelling: "Krotoa's story lies somewhere between contextual predestination and individual manipulation [...] between individualistic and societal holism, interrelatedness and fragmentation", maar op so 'n manier dat die geheel en die individueel waarskynlik nooit vereenselwig is nie.

Van korporatiewe agentskap is daar in Krotoa se geval geen sprake nie, soos ook in die ander gevalle wat ondersoek word. Agentskap was dus tot primêre agentskap beperk, wat ten opsigte van morfogenese passief was. Hoewel daar in elke geval wat ondersoek word waarskynlik 'n bewussyn was dat 'n vrouevertaler ongewoon is, is dit onwaarskynlik dat daar 'n verwagting van of aanspraak op geslagsgelykheid of selfs 'n idee van geslagsgelykheid was.

#### 4. Zara Schmelen (ca. 1793–1831)

Die Engelse titel van 'n boek oor Zara Schmelen deur Ursula Trüper verwys na haar as "the invisible woman" (in die oorspronklike Duitse titel net "die Hottentotin"). Hierdie beskrywing is gepas, omdat daar baie min bekend is oor hierdie Nama-vrou<sup>4</sup> wat een van die eerste vertalers van Bybelse skrifgedeeltes in 'n inheemse Afrikataal was. Wat wel oor hierdie "onsigbare vrou" bekend is, is opgeskryf in die briewe van haar man, 'n Duitse sendeling van die Londense Sendinggenootskap, Johann Hinrich Schmelen, en selfs daarin skryf Hinrich<sup>5</sup> min oor sy gesin. Nie eens 'n brief of afbeelding van Zara het behoue gebly nie. Tog is daar danksy die pogings van afstammelinge van die Schmelens (onder wie Trüper, die antiapartheidsaktivis Horst Kleinschmidt en die joernalis Kenneth Makatees tel) onlangs 'n mate van erkenning aan Zara gegee.<sup>6</sup> Trüper se 2000-publikasie, wat in 2006 in Engels vertaal is, verteenwoordig 'n poging om haar lewensverhaal uit briewe in Europese sendingargiewe te herkonstrueer en is die hoofbron oor Zara.

##### 4.1 Lewenskets

Zara Hendrichs, oftewel //Xaigas, in 1793 op Steinkopf gebore, was onder Hinrich Schmelen se eerste bekeerlinge in Pella in die Noord-Kaap. Die feit dat sy 'n Nederlandse van gehad het,

getuig van Europese invloed voor die ontmoeting met Hinrich. Sy en 'n groep bekeerlinge het Hinrich in 1814 vergesel op 'n ekspedisie na Groot Namaland (nou Suid-Namibië) om 'n sendingstasie te vestig. Tydens hierdie lang tog is Hinrich en Zara onder ongewone omstandighede getroud (Trüper 2006:38–9). Zara is deur Hinrich as kok in diens geneem en moes saam met Hinrich in die wa ry nadat sy tolk se os lam geword het, en die tolk op Zara se plek langs die wadrywer moes sit. Hinrich bevind hom in 'n toe wa met 'n jong vrou, en om agterdog te ontsnap, besluit hy om Zara te vra om met hom te trou en neem die troue dadelik self waar. Hierdie verduideliking vier jaar later aan die Londense Sendinggenootskap impliseer 'n mate van toeval. Trüper (2006:39–40) vermoed egter dat daar vroeër al 'n wedersydse aantrekking was, maar dat 'n troue nie vroeër plaasgevind het nie weens die afkeer wat 'n huwelik met 'n inheemse vrou in die Kaapse samelewing en onder sekere lede van die Londense Sendinggenootskap sou ontlok het. Sekere sendelinge van die genootskap was kampvegters vir die regte van inheemse mense en het self swart vroue gehad, maar ander was onder die invloed van koloniale rasseevooroordele. Hinrich se bewondering vir Zara, wat Trüper se vermoede van vroeër aantrekking motiveer, blyk uit sy verduideliking dat haar nederigheid, godsdienstigheid en karakter hom aanvanklik opgeval het en uit sy mening dat “a better partner of life in my present situation could not be found for me” (Trüper 2006:39–40). Die genootskap het Hinrich aanvanklik weens immorele gedrag geskors omdat daar geglo is dat hy en Zara buite die huwelik saamwoon omdat hy die huwelik aanvanklik nie vermeld het nie, maar Trüper glo dat ras ook ter sake was in die afkeer. Die skorsing is egter met Hinrich se bostaande verduideliking opgehef.

By die Bethany-sendingstasie in Groot Namaland was Zara as sendingassistent en tolk werksaam, en vier kinders is uit die Schmelens se huwelik gebore. Aanvanklik was die sending suksesvol, al was die afstand van die Kaapse kolonie en 'n hawe 'n uitdaging – Hinrich was op 'n stadium vir meer as 'n jaar sonder 'n hemp, hoed, jas of skoene (Trüper 2006:46). Talle bekeerlinge moes egter weens droogte wegtrek en konflik met plaaslike stamhoofde rakende vee en kruit het ook tot geweld geleei. Zara is selfs op 'n stadium aangerand (Trüper 2006:52) en later met 'n geweer aangehou (Trüper 2006:57). Die feit dat 'n sendeling 'n Nama-vrou gehad het, was volgens Trüper (2006:58) 'n bedreiging vir inheemse stamme wat vyandig teenoor sendelinge was. Die Schmelens het Kamiesberg toe onttrek en in 1829 na Komaggas in die Noord-Kaap getrek, waar Bybelvertaling in 'n meer vreedsame omgewing kon plaasvind.

Weens Hinrich se stryd met die aanleer van Nama het Zara 'n prominente rol in die vertaling gespeel. Hinrich verduidelik haar rol aan die Londense Sendinggenootskap soos volg (in sy kenmerkende gebroke Engels):

As my wife has been from the first my assistance she has now more knowledge of the language than any other to find out the proper signification, as also grammatical knowledge of what she has heard of me. Every sentence I translate, she is obliged to set it over to remain close to the words, especially to take the proper meaning of what is said in the text and at the same time to make it sound Namaquas and not Dutch Namaquas. (Trüper 2006:54)

Dit blyk dus dat Hinrich se rol in die vertaling die uitleg van Skrifbetekenis was, terwyl Zara se rol die eintlike vertaling, maar ook idiomatiese naturalisering was. Teen 1829 het die paartjie die vier evangelies vertaal, maar toe hulle in die Kaap aankom om dit te laat druk, het hulle besef dat termiete die manuskrip, wat in 'n houtkis bewaar is, vernietig het en moes hulle van voor af begin (Kleinschmidt 2012:8). Teen 1830 was die vier evangelies, 'n kategismus, 'n

gesangboek en 'n woordeboek vertaal en is dit Kaap toe geneem om gedruk te word (Trüper 2006:11). Dáár kon niemand Nama lees nie en Zara het die proefleeswerk self uitgevoer. Hinrich het dit glo nie gedurf nie (Kleinschmidt 2013:3). Toe die laaste bladsy klaar geproeflees is, het Zara haar veerpen neergesit en gesê dat haar werk op aarde nou verrig is (Kleinschmidt 2013:2). 'n Inskrywing op die voorblad van die eerste eksemplaar van die evangelies, wat in die Nasionale Biblioteek in Kaapstad gehuisves word, gee erkenning aan Hinrich en Zara. Tog is erkenning vir hierdie vertaling oor die algemeen hoofsaaklik aan Hinrich gegee (Trüper 2006:10). Op pad terug Komaggas toe is Zara aan tuberkulose oorlede en het die vertaalwerk tot 'n einde gekom. Die feit dat die boek Lukas in 1846 deur die Noorse sendeling Hans Christian Knudsen oorvertaal is, duï op gebreke in die Schmelens se vertaling. Johann Georg Krönlein, wat 'n uitstekende taalaanleg besit het, het ook later die evangelies oorvertaal as deel van sy vertaling van die hele Bybel in Nama (in 1881 voltooi) en het blykbaar die Schmelens en Knudsen se aanduiding van die klapgeluide heelwat verbeter, al was daar steeds tekortkominge. Nietemin beskou Horst Kleinschmidt die Schmelens as belangrike bewaarders van die Nama-taal as gevolg van hul vertaalpogings in 'n atmosfeer waarin Nama min status geniet het. Die lae status van Nama reeds in hierdie tyd is bewys deur bekende sendeling en Tswana-Bybelvertaler Robert Moffat se opmerking: "It would not be a great loss if the Hottentot language be destroyed" (Kleinschmidt 2012:9).

#### **4.2 Morfogenetiese siklus**

Die verandering van Nederlandse na Britse beheer van die Kaap (1795) het beduidende strukturele en ideologiese morfogenese tot gevolg gehad en 'n nuwe siklus is voortgebring wat tot in die vroeë 20ste eeu geduur het. Die Schmelens se vertaalaktiwiteite speel aan die begin van hierdie siklus af, wat gekenmerk word deur die verspreiding van Westerse invloed en sosiale strukture na die binneland en toenemende kontak tussen setlaars en inheemse groepe. Met die stigting van die Boererepublieke en die kolonisering van Natal het groot gedeeltes van die binneland onder wit beheer of invloed gekom. Die ontdekking van goud en diamante het verder tot nuwe nedersettingspatrone en rasgebonden hiërargiese werksverhoudings geleid. Hierdie strukturele morfogenese het veroorsaak dat inheemse sosiale strukture tot 'n groot mate deur Westerse strukture vervang is en dat inheemse mense in ondergeskikte rolle in Westerse strukture geïnkorporeer is.

Die onderdrukking van inheemse mense het die voortsetting van 'n Westerse meerderwaardigheidsideologie weerspieël, en die oplewing van Christelike sendingwerk, 'n belangrike eienskap van hierdie siklus ten opsigte van vertaling, was op ingewikkelde maniere aan hierdie ideologie gekoppel (Elphick 2012). Aan die een kant is sendingwerk gemotiveer deur Christelike herlewings in Europa wat gepaard gegaan het met liberale humanitarisme, 'n ideologie wat rassegelykheid en die afskaffing van die slawehandel bevorder het (sien Keegan 1996:75–6). Aan die ander kant het die werk van sekere sendelinge tog 'n geloof in die verhewenheid van Westerse kultuur uitgedruk. Terwyl die voortdurende koloniale rassevooroordele 'n tipe ideologiese morfostase verteenwoordig, getuig die opbloei van sendingwerk en Christelike vertaling van ideologiese morfogenese, ten minste op die gebied van die godsdiens. Inheemse mense is beskou as evangeliseringskandidate, geskape na die beeld van God, eerder as onuitverkore heidene soos onder Nederlandse Calvinisme. Inheemse mense is in ooreenstemming met koloniale motiverings egter ook as kandidate vir Westerse beskawing beskou. Tydens die 19de en vroeë 20ste eeu het hierdie verandering in die beskouing van inheemse mense tolking en skriftelike vertaling in inheemse tale bevorder. Bybelvertalings en vertalings van Christelike literatuur het in verskeie inheemse tale verskyn

en ook vertaling van folklore uit plaaslike tale het soms geskied (wel tot 'n heelwat mindere mate en gewoonlik met die oog op evangelisasie, sodat met die gevolg dat vertaling nie as 'n tipe kulturele uitruiling gesien kan word nie). Bybelvertaling is oorheersend deur wit mans uitgevoer – alhoewel swart mans tot 'n klein mate betrokke was – en daar is buiten Zara Schmelen geen ander voorkoms van vroulike Bybelvertalers in hierdie tydperk nie. Vroue se rol in geloofskwessies was in die Westerse samelewing ondersteunend en gemik op bediening van ander vroue. Buite die sfeer van godsdiens en wetenskap (wat later bespreek word) was daar steeds min motivering vir vertaling.

#### 4.3 Agentskap

Ideologiese morfogenese in die sfeer van godsdiens en die spanninge daarbinne het die Schmelens se werk direk gekondisioneer. Hinrich was self onder die invloed van Christelike herlewings toe hy as jong man van Duitsland af Londen toe gegaan het om sy diensplig vry te spring. Daar het hy in aanraking met bekeerde Khoekhoen gekom, wat hom gemotiveer het om as sendeling te werk. Hy kan as deel van die liberale humanitaristiese kamp binne die Londense Sendinggenootskap in die Kaap geag word, waarvan sy huwelik en aanmoediging van bevryde slawe om Komaggas toe te trek, getuig. Tog het koloniale rasvooroordele en morfostase ten opsigte van geslagsrolle die moontlikheid vir 'n inheemse vrou om as Bybelvertaler te werk, negatief kondisioneer. Toeval en die aktiewe beoefening van agentskap het, soos in Krotoa se geval, saamgeval om vertaling deur 'n vrou toe te laat. In teenstelling met Krotoa se geval het agentskap en identiteit egter hier tot 'n groot mate saamgesmelt, met die gevolg dat Zara as sosiale akteur bestempel kan word.

Wat toeval betref, was Hinrich se gebrekkige taalvermoëns waarskynlik die belangrikste faktor in 'n proses wat beskou kan word as die oordrag van agentskap na Zara. Dit is onwaarskynlik dat Zara dieselfde rol sou beklee het as Hinrich die taak self kon verrig het. Natuurlik was tweetaligheid 'n belangrike eienskap van Zara se primêre agentskap as gekoloniseerde inboorling, maar Zara se praktiese beskikbaarheid as Hinrich se vrou het ook daartoe gelei dat sy eerder as byvoorbeeld 'n manlike gemeentelid, die rol vervul het. Verder het die feit dat die Schmelens hulle buite die Kaapse koloniale invloed bevind het, moontlik 'n rol in Zara se betrokkenheid gespeel. Afstand van die koloniale samelewing het naamlik allerhande kulturele "oortredings" tot gevolg gehad. Dedering (1997:47) noem dat huwelike oor rasgrense heen algemeen was onder wit boere noord van die koloniale grens en dat boere met Namavroue dikwels selfs inheemse huwelikseremonies gehad het. George Thom, 'n konserwatiewe hoof van die Londense Sendinggenootskap, spreek ook op een stadium sy skok uit dat sendelinge wat lank tussen "onbeskaafde stamme" gewoon het, op besoek aan die Kolonie die etiket van Westerse samelewing so vermoeid gevind het dat hulle die geselskap verkies het van die Khoekhoen wat hul ossewaens opgepas het (Trüper 2006:45). Westerse kulturele kondisionering was dus minder beperkend in verafgeleë gebiede, wat moontlik meer vryheid vir atipiese vorme van agentskap toegelaat het.

Tog is daar gepoog om Zara se werk binne die perke van aanvaarde sosiale geslagsrolle te plaas. In die aanhaling wat Zara se vertalerrol verduidelik, is dit interessant dat Hinrich homself in die leidende rol plaas, sy verantwoordelikheid vir die vertaling beklemtoon en sy vrou as assistent en leerling posisioneer ("my assistance", "what she has heard of me", "every sentence I translate", "she is obliged"). Hierdie raming vind plaas ten spyte van sy erkenning dat hy baie min Nama verstaan. Daar is terselfdertyd 'n verdediging van haar geskiktheid vir die rol ("As my wife has been from the first my assistance she has now more knowledge of the

language than any other”). Hierdie motivering vir haar betrokkenheid en verdediging van haar rol kan as ’n konformeringspoging gelees word. Hinrich se woord “obliged” laat dit klink asof Zara se betrokkenheid ’n plig was en is moontlik ’n poging om sy eie rol as agent te versterk, maar daar is tog die oortuigende aanduiding dat Zara vertaling as ’n lewensdoel beskou het. Dit is dus heel moontlik dat die toon van Hinrich se skrywe aan die Londense Sendinggenootskap ’n begeerte uitdruk om hul verwagtings te bevredig dat hy as geleerde manlike sendeling die leidende rol sou gespeel het. Dieselfde verdedigende posisie wat by die beskrywing van sy huwelikskeuse aanwesig was, was dus moontlik hier ook ter sake, en Hinrich se refleksiewe gedrag sou in hierdie geval ’n onderdanigheid aan sosiale verwagtinge weerspieël wat dalk nie met sy persoonlike realiteit of voorkeur ooreengestem het nie.

Wat agentskap betref, beperk die gebrek aan Zara se eie refleksie, asook die tekort aan beskrywings van haar vertaalwerk, die ontleding heelwat. Tog kom dit voor asof haar eenheid met haar man in die Christelike geloof haar gemotiveer het om haar aan Christelike vertaling toe te wy. Haar woorde aan die einde van die proefleestaak is ’n treffende bewys dat sy as sosiale akteur geklassifiseer kan word. Zara was toegewyd aan haar bediening, soos Hinrich se getuienis met haar dood bewys (Trüper 2006:53), en sy het vertaling onder moeilike omstandighede beoefen. Die uitdagende aard van die sendingwerk is uit Zara se lewenskets afleibaar en dit moet in gedagte gehou word dat Zara nie ’n hoëvlak van opvoeding gehad het nie. Haar relatiewe produktiwiteit onder hierdie omstandighede en haar volhouding te midde van terugslae (soos die vernietiging van die eerste evangeliemanuskrip) kan vertolk word as ’n uitdrukking van aktiewe agentskap. In hierdie verband skakel Zara se agentskap in by dié van ander sendelinge, wat deur evangeliese geesdrif gemotiveer is om onder baie vermoeiende omstandighede produktief te vertaal. Evangeliese entoesiasme en bediening tree in hierdie periode algemeen as sterk interne motiverings vir vertaling na vore en in hierdie opsig was Zara se tipe agentskap, afgesien van haar geslag, nie ongewoon nie. Tog was Zara en Hinrich se vertaalwerk in ’n sekere sin morfogeneties omdat dit die weg gebaan het vir verdere vertaling in Nama in ’n atmosfeer waarin Nama nie beduidende status geniet het nie.

## 5. Lucy Lloyd (1834–1914) en Dorothea Bleek (1873–1948)

Lucy Lloyd en Dorothea Bleek verskil in sekere belangrike opsigte van Krotoa en Zara Schmelen. Die opvallendste onderskeid is ’n ras- en statusverskil. As opgevoede wit vroue uit betreklik welgestelde gesinne het Lloyd en Bleek se primêre agentskap vir hulle meer beweegruimte binne die koloniale samelewings verskaf. Talle rekords van hul eie refleksiwiteit (veral in die vorm van briewewisseling) bied in hierdie opsig ’n onderskeid met die “bemiddeling” van Krotoa en Zara se verhale deur die refleksiewe rekords van manlike figure. Nietemin is ’n manlike “chaperon” weer aanwesig – die beroemde filoloog Wilhelm Bleek, deur wie agentskap, in ten minste Lloyd se geval, toegelaat is. Daar is ook steeds ’n taamlike mate van morfostase wat die aanvaarde rol van vroue as vertalers (en wetenskaplikes) betref. Ouzman (1998:39) verduidelik in hierdie verband: “Wilhelm Bleek and Lucy Lloyd’s milieu was a curious combination of the repressive – especially for women [...] – and the enlightened.” ’n Verdere verskil is dat Lloyd en Bleek hulself waarskynlik nie in die eerste plek as vertalers beskou het nie, hoewel vertaling veral in Lloyd se geval ’n beduidende navorsingskomponent verteenwoordig het. In hierdie opsig geskied vertaler-agentskap tot ’n sekere mate passief of onbewustelik in hierdie gevalle, wat die uitdrukking van ideologie daarin miskien veral treffend maak. Die onderstaande lewensketse is hoofsaaklik opgesom uit biografieë in die

digitale Bleek-Lloyd-versameling (DBLC:s.j.), maar uitvoerige biografiese inligting oor Lloyd is beskikbaar in Schoeman (1997) en Skotnes (2007), en oor Dorothea in Weinroub (2016).

### 5.1 Lewensketse

Lucy Lloyd was die skoonsuster en Dorothea Bleek die dogter van die bekende Duitse akademikus en Afrikataalkenner Wilhelm Bleek wat hom in 1856 in Kaapstad gevestig het as kurator van sir George Grey se uitvoerige etnologiese en filologiese biblioteek. Lloyd, wat in Engeland gebore is en as tiener Suid-Afrika toe verhuis het toe haar pa 'n pos as kapelaan in Durban aanvaar het, het kort na Wilhelm se troue met haar suster Jemima na die Bleek-huishouding in Kaapstad getrek. Daar het Wilhelm vir Lloyd, 'n onderwyseres, as assistent opgelei om hom in sy Boesman-navorsing te help. Die navorsing het onder andere bestaan uit die versameling en vertaling in Engels van die vertellings van /Xam-informante. Teen die middel van die 19de eeu was die tradisionele Boesman-samelewing op die rand van uitwissing. Wilhelm se motivering vir die opnames was om die kultuur en taal van hierdie mense te bewaar om 'n skets van menslike en taalevolusie te probeer bereik, waarin Boesmans volgens hom die primitiefste ontwikkelingsfase verteenwoordig (Bleek 1983:40).

Lloyd se werk aan die optekening en vertaling van /Xam-rekords het in 1870 begin toe die eerste informant uit die Breakwater-gevangenis in hul huis ingeneem is. Die projek het meer as 11 000 bladsye /Xam-narratiewe opgelewer<sup>7</sup> (folklore, verhale, beskrywings van kulturele praktyke, ens.), waarvan Lloyd vir twee derdes verantwoordelik was. Toe Wilhelm in 1875 oorlede is, het Lloyd, op sy versoek, aangehou met die navorsing en is sy in sy plek as kurator van die Grey-versameling aangestel, teen 'n helfte van sy salaris. Vyf jaar later is Theophilus Hahn in haar plek aangestel. Na haar afdanking het sy finansieel begin swaarkry en onder swak gesondheid gely, wat geleei het tot 'n einde aan haar werk rondom 1884 en haar vertrek na Europa in 1887. In 1911 het sy 'n versameling tekste uit haar en Wilhelm se projek gepubliseer as *Specimens of Bushman folklore* – 'n groot uitdaging, gegewe haar persoonlike omstandighede. Met haar teruggekeer na Suid-Afrika 'n jaar later het sy die eerste Suid-Afrikaanse vrou geword om 'n eredoktoraat te ontvang (van die Universiteit van die Kaap van Goeie Hoop) vir haar bydrae tot Boesman-navorsing. Sy is in 1913 oorlede.

Dorothea Bleek (hierna verwys "Bleek" na haar) is in 1873, net twee jaar voor haar pa se dood, in Kaapstad gebore en het in Duitsland en Switserland skoolgegaan nadat die Bleek-gesin om finansiële redes Europa toe verhuis het toe sy omtrent 10 was. As jong meisie sou sy kontak gehad het met die Boesman-informante en het sy misskien reeds basiese kennis van die Boesman-tale /Xam en !Kung opgedoen (Skotnes 2007:204). Sy is, nes Lloyd, as onderwyseres opgelei, hoewel sy ook taalkundige studies voltooi het. Lloyd het Bleek in Europa in navorsingsmetodiek en die vertaling van /Xam en !Kung opgelei. Sy het in 1904 na Suid-Afrika verhuis en rondom 1908 in haar pa se voetstappe gevolg deur al haar aandag aan Boesman-navorsing te bestee. Sy het heelwat belangstelling in Boesman-tekeninge gehad en is op hierdie gebied relatief bekend. Sy het talle ekspedisies na die Noord-Kaap, Tanzanië, Angola en Botswana onderneem, waar sy tekeninge, verhale en antropologiese data versamel het. Vertaling het veral uit die !Kung-taal plaasgevind, hoewel sy ook ander Boesman-tale opgeskryf het. Sy het uittreksels uit haar pa en Lloyd se opnames laat publiseer en 'n Boesman-woordeboek saamgestel wat gebruik gemaak het van 'n leksikon wat deur haar pa en Lloyd saamgestel is. Die woerdeboek is eers in 1956, na haar dood, gepubliseer. In 1923 is sy as "ereleser in Boesmantale" erken deur die Universiteit van Kaapstad en in 1936 is sy 'n eredoktoraat deur

die Universiteit van die Witwatersrand aangebied, wat sy egter geweier het weens haar begeerde dat haar pa die enigste “dr. Bleek” moet wees. Sy is in 1948 in Kaapstad oorlede.

### 5.2 Morfogenetiese siklus

Die algemene kontekstualiserende ruimte van Lloyd en Bleek se werk was 'n wetenskaplike tradisie wat met koloniale uitbreiding gepaard gegaan het. Hoewel Lloyd en Bleek op die rand van die wetenskapstelsel verkeer het, het die milieu wat hier onder geskets word, die werk waaraan hulle deelgeneem het op belangrike maniere gekondisioneer deur navorsingsdoel-eindes algemeen te situeer. Atipiese gedrag in Lloyd en Bleek se werk as vroulike agente, wat later bespreek word, moet dus veral teen die ideologiese norme wat hier geskets word, gemeet word. Wat struktuur betref, is die belangrikste opmerking dat die wetenskapstelsel in die 1800's min plek vir vroue gelaat het en dat hierdie rol hoofsaaklik as manlik gekonseptualiseer en aanvaar is (Ouzman 1998:39).

Kolonisering het wetenskaplike ekspedisies en die uitbreiding van Westerse kennis prakties bevorder deur die nodige infrastruktuur en praktiese moontlikhede vir verkenning te skep. Daar was ook ideologiese oorvleueling tussen koloniale en wetenskaplike belange in die sin dat kennis “ontgin” is, nes fisiese hulpbronne, en berus het op 'n beskouing van inheemse mense as onbeskaaf. Ouzman (1998:42) maak die volgende stelling in hierdie verband: “Colonial society, though capable of occasional liberalism, was more apt to be patronising in its attitude toward indigenous people” (vgl. ook Bartnik 2010 en Pratt 1992). Winsgedrewe koloniste het relatief min belangstelling in inheemse Suid-Afrikaanse samelewings gehad buiten handels- en arbeidsbelange. Tog het Europese naturaliste wel wetenskaplik in inheemse volke en hul tale en kulture belang gestel, wat aanleiding gegee het tot die eerste taamlik simplistiese vertalings uit veral die Khoe-tale in Europese tale in die vorm van woordelyste en kort teksvertalings. Asimmetriese magsverhoudinge in hierdie vertalings blyk uit die feit dat vertaling deel was van wetenskaplikes en reisigers se pogings om inheemse mense en hul tale te klassifiseer en sistematiseer of om hulle as vreemd, eksoties of primitief aan Europeërs uit te beeld. Vertaling se hoofdoel was die insameling van kennis en dit was nie hoofsaaklik bedoel om kommunikasie met inheemse mense te bevorder nie.

Hierdie akademiese motivering vir vertaling moet beskou word aan die hand van veranderinge wat deur die Verligting teweeg gebring is. Die publikasie van Karel Linneaus se *Systema naturae* (1735) en Europa se eerste wetenskaplike ekspedisie rondom dieselfde tyd het die begin van 'n nuwe morfogenetiese siklus verteenwoordig ten opsigte van die manier waarop die Europese elite hulself in verhouding met die res van die wêreld verstaan en geplaas het. Pratt (1992:15) verwys hierna as 'n nuwe weergawe van “Europe’s ‘planetary consciousness’, [...] marked by an orientation towards interior exploration and the construction of global-scale meaning through the descriptive apparatuses of natural history”. Pratt (1992:15) beskou hierdie morfogenese as die hegemoniese refleks van moderne Eurosentrisme en in hierdie verband is die skakeling met kolonialisme voor die hand liggend. Hierdie siklus in Europese wetenskapstelsels het op plaaslike bodem in twee periodes van taalnavorsing gemanifesteer – 1652 tot 1730 en 1770 tot 1796 (Den Besten 2010:269). Die Bleeks en Lloyd se werk het omtrent 100 jaar na hierdie periodes plaasgevind en kan verder van naturalistiese taalnavorsing onderskei word in die baie omvattende aard van die antropologiese en linguistiese navorsing, wat dit trouens internasionaal eiesoortig gemaak het (Bank 2006:397; Wessels 2008:70). Wilhelm Bleek se navorsing het nogtans sterk aanknopings met die naturalistiese tradisie getoon, veral in sy bydrae tot rasseteorie (Bank 2010). Dit het egter ook op nuwe maniere by eietydse

akademiese strominge aangesluit. Wilhelm was naamlik deel van 'n netwerk bekende Europese akademici wat beduidende nuwe bydraes tot die wetenskap in die 19de eeu gemaak het. Onder hulle het sy neef, die bekende bioloog Ernst Haekel, asook Charles Darwin getel (Wessels 2008:70).

Die plaaslike wetenskaplike en koloniale omgewing was ook op belangrike maniere kondisionerend, soos Wessels (2008:69) beklemtoon in die stelling: "It has often been recognised that the /Xam materials are a product of [...] the intellectual milieu of Victorian Cape Town." 'n Kenmerk van hierdie milieу was die teenwoordigheid van 'n "tight colonial intellectual network" (Wessels 2008:70). Wilhelm was een van die vernaamste figure onder hierdie liberale koloniale intelligentsia (liberaal met betrekking tot godsdiens en wetenskap eerder as ras), wat George Grey en die omstrede predikant William Colenso ingesluit het. Bleek en Lloyd was nie deel van hierdie akademiese elite nie. Hoewel daar interaksie was met ander beroemde akademici, soos George McCall Theal en George Stow, het hulle eerder hul eie netwerke gevorm. Hul navorsingsdoelstellings het ook nie heeltemal by dié van Wilhelm aangesluit nie en was meer persoonlik van aard, hoewel 'n soort rasseklassifikasie steeds onderliggend was. Tog bied die raamwerk wat hier beskryf word, die algemene kondisionering en norm. Wessels (2012:30) verduidelik: "Theoretical expectations and scholarly and aesthetic practices preceded and determined the course of the collection of the /Xam materials. They accompanied, in turn, their translation and the form they assumed."

Daar moet in ag geneem word dat Bleek se navorsing heelwat later as dié van Lloyd plaasgevind het. In Bleek se tyd was prosesse van wetenskaplike sistematisering in Suid-Afrika op dreef en het veldnavorsing in gewildheid toegeneem. Tog was wetenskaplike navorsing steeds dikwels "haphazard, anecdotal and idiosyncratic in practice" (Weintrob 2016:399). Bleek se werk het die minder sistematische, maar praktiese kant van wetenskaplike prakteke weerspieël. Tog het haar informele, selfgerigte en persoonlike aanslag tot navorsing haar op die rand van 'n nog ontwikkelende wetenskapstelsel geplaas.

### 5.3 Agentskap

Vertaling het slegs 'n komponent van Lloyd en Bleek se navorsing uitgemaak en hulle het hulself waarskynlik nie in die eerste plek as vertalers beskou nie. Tog was vertaling 'n belangrike eienskap van hul wetenskaplike bydraes en kan heelwat daaruit afgelei word oor hul miskien onbewustelike vertalersagentskap deur na hul vertalings te kyk. Hedendaagse akademici beklemtoon die feit dat hierdie vertalings, en selfs die klassifisering en aanbieding van narratiewe rekords, geensins neutraal is nie, maar 'n baie spesifieke raming en situering van /Xam- en !Kung-letterkunde verteenwoordig. Ouzman (1998:40) verduidelik met betrekking tot Lloyd spesifiek: "Though unquestionably a matchless work, there are biases in the Bleek and Lloyd Collection. [...] [B]oth ethnographer and teacher are 'world-makers', neither representing the world as it is, but as it fits within personal and cultural frames of reference." Staphorst (2021:106) neem ook die invloed van die direkte omgewing op vertaling in ag in sy stelling: "Die proses van oorlewering, vertaling, en transkripsie in 'n kunsmatige storievertelruimte in Kaapstad het 'n besliste invloed op die opgetekende tekste in die Bleek en Lloyd-argief uitgeoefen." In hierdie sin moet vertaling geensins as 'n bloot funksionele, neutrale, wetenskaplike aktiwiteit beskou word nie, maar as 'n skeppende proses wat weer-spieلend van kulturele kondisionering is.

Voordat daar aan die weerspieëlende rol van vertaaltegnieke aandag geskenk word, is dit nodig om te noem dat daar in hierdie geval weer eens sprake is van toeval in die betrokkenheid van vroue in vertaling. Wilhelm het tydens sy studies in Europa besluit om die bestudering van Afrikatale na te streef en het hom aktief geposisioneer om dit te laat geskied. In teenstelling hiermee het Lloyd, weens haar verblyf in die Bleek-huishouding, toevallig in Boesman-navorsing betrokke geraak. Dit is hoogs onwaarskynlik dat sy as Boesman-navorser sou gewerk het as sy in Durban aangebly het. Ouzman (1998:42) voer aan: “The genesis and growth of the Bleek and Lloyd Collection was the product of fortunate happenstance enabled by the quirky nineteenth century Cape Liberal Tradition.” Lloyd se betrokkenheid was sekerlik deel van die “fortunate happenstance” wat hier genoem word. Nes Lloyd sou Bleek miskien nooit as Boesman-navorser gewerk het as Lloyd nie toevallig beskikbaar was om haar as jongmens op te lei nie. Daar was dus nie tot dieselfde mate sprake van ’n inherente begeerte as by Wilhelm nie. In Lloyd se geval het Wilhelm agentskap direk toegelaat en gesanksioneer, veral in sy versoek dat Lloyd die Boesman-navorsing na sy dood oorneem. In Lloyd se biografie in die digitale Bleek-Lloyd-versameling (DBLC:s.j.) staan daar in verband met hierdie versoek: “While Lucy would undoubtedly have done this anyway, his request must surely have bestowed on her work the credibility that, in those days, was usually reserved for male scholars and researchers.” In Bleek se geval het haar pa se opleiding van Lloyd haar miskien vrymoedigheid gegee om as vrou aan die Boesman-navorsing deel te neem. Haar status as dogter van Wilhelm Bleek het miskien ook ’n rol in haar deelname gespeel, maar daar was geen direkte manlike sanksionering nie. Die toevallige aanraking met Boesman-navorsing het nietemin in Lloyd en Bleek ’n opregte belangstelling gekweek wat aanleiding gegee het tot ’n baie aktiewe beoefening van agentskap, tot die mate dat albei eredoktorate aangebied is. Tog is hierdie vroue nooit in die netwerke van die akademiese elite opgeneem nie, soos reeds genoem is. Die primêre agentskap van hierdie vroue was ’n bevorderende faktor ten opsigte van hul sosiale status, opvoeding en konneksies, maar ten opsigte van geslag was hulle steeds benadeel. Die sanksionering van Lloyd verteenwoordig daarom moontlik ’n belangrike (direkte of indirekte) bevordering van agentskap vir hierdie vroue.

Wat Wilhelm se rol betref, is dit opvallend dat albei vroue ’n onderdanigheid aan hom volgehou het en nooit gestreef het om as sy wetenskaplike gelykes gesien te word nie. Voorbeeld hiervan is Lloyd se onwillige aanvaarding van die pos as kurator van die Grey-versameling en Dorothea se weiering van die eredoktoraat. Lloyd en Bleek het eerder nuwe weë vir hul (vroulike) agentskap geskep as om direk in Wilhelm se voetspore te probeer volg. Bank (2006:158) wys as verdere bewys hiervoor daarop dat Lloyd nie deur Wilhelm se teoretiese vooroordele ten opsigte van ras gebind is nie. Sy het hegte verhoudinge met die informante gehad en het wegbeweeg van sy belangstelling in mitologie om /Xam-kultuur meer algemeen te ondersoek. Sy het ook liberale antikoloniale sieninge gevorder (Bank 2006:352–3) en het gesprekke met informante meer vrylik laat verloop. Bleek het op haar beurt ’n baie meer praktiese, ekspedisiegebaseerde aanslag tot navorsing gehad waarin sy dikwels met ander vroue saamgewerk het. Weintroub (2009) beklemtoon Dorothea se perifere posisie ten opsigte van die akademie en verduidelik: “Dorothea Bleek’s research proceeded (by her own choice) at an intimate, private pace within the larger public and institutional context of knowledge production within which she situated herself.” Sy verduidelik dat navorsing vir Dorothea meer oor familietradisie en lojaliteit gegaan het as oor wetenskaplike teoretisering, en beklemtoon die persoonlike aard van haar navorsingsaanslag. Sy het die nuwe wetenskaplike teorieë van die vroeë 20ste eeu as volksvreemd beskou en het eerder aan gevestigde idees vasgehou wat met haar familietradisie gepaard gegaan het (Weintroub 2016:406).

Afwykings van Wilhelm se patroon het kleinskaalse morfogenese in hul direkte werkongewings verteenwoordig. Weinroub (2009:404) verduidelik ten opsigte van Bleek dat haar navorsing gesien kan word as 'n posisionering van haarself as sentraal tot haar eie, selfgemaakte wêreld, in teenstelling met 'n perifere bestaan in 'n kennisskeppingsbedryf wat deur mans oorheers is. Al twee vroue het dus ruimtes geskep waarin hul sosiale akteurskap meer suksesvol uitgeoefen kon word. Afwykings van die norm het met ander woorde 'n beter vereenselwiging van persoonlike identiteit en sosiale identiteit as navorsers toegelaat, maar dit het nie grootskaalse morfogenese teweeggebring wat die rol van vroue in die wetenskap betref nie. Dit het ook nie gepaard gegaan met korporatiewe agentskap nie. As dit bygedra het tot geleidelike ideologiese verandering, was dit op die "passiewe" manier wat met primêre agentskap gekoppel word. Dit is nietemin insiggewend dat geslag kleinskaalse morfogenese beïnvloed het. In Lloyd se geval kan die "sagter", meer persoonlike omgang met informantie as 'n vroulike aanslag gesien word en in Dorothea se geval het die gebruik van vroulike veldassistent (dikwels vriendinne) haar direkte navorsingsomgewing vervroulik en dus meer verwelkomend gemaak.

In verband met die vertaaltegnieke van Lloyd en Dorothea as uitdrukings van kulturele kondisionering bied Wessels (2012) heelwat insigte. Hy voer aan dat Wilhelm en Lloyd se vertalings 19de-eeuse Europese idees rondom die vorm van folklore weerspieël het (Wessels 2012:30–1). Wetenskaplike motiverings (eerder as letterkundige belang) en vertaling vir 'n akademiese gehoor is in die eerste plek uitgedruk in hul poging om getroue, akkurate en letterlike vertalings van die /Xam-narratiewe te bied. Die volgende uittreksel illustreer hul baie letterlike benadering tot vertaling (Wessels 2012:31):

Then her elder sister sprang out of the reeds; she in this manner, she running came. She, when she had run to her younger sister, she perceived the goats, she turned aside to the goats. She caught hold of a goat .... They, taking hold, rubbed off the hair (from her skin). Therefore, when she sat down, she said: "Ye must, pulling, leave the hair on the tips of my ears; for, in that manner I shall come to hear; for, I do not feel as if I should hear."

Hoewel hierdie metode 'n poging was om die oorspronklike estetika en karakter van die narratiewe te behou, meen Wessels (2012:32) dat die eksotiserende uitwerking 'n nuwe literêre element toegevoeg het. Hierbenewens het Lloyd ook deur haar taalgebruik elemente toegevoeg wat Westerse idees rondom die styl van folklore en mitologie weerspieël het. Dit blyk veral uit haar gebruik van toe reeds argaïese taal (soos "ye" in die bostaande uittreksel) en redaksionele "inmenging" in *Specimens of Bushman folklore*. Laasgenoemde sluit besluite rondom die begin en einde van narratiewe, die kategorisering van tekste en die verskaffing van opskrifte in (Wessels 2012:32). Verder blyk Westerse morele kondisionering ook uit die feit dat aanstootlike elemente (uit die Westerse perspektief) onvertaald gelaat is (Ouzman 1998:40). Lloyd se gebruik van argaïese taal het heelwat kritiek ontlok. Van Vuuren (1994:58) beskryf die Engelse vertalings byvoorbeeld as "archaically stilted and belaboured" en daar is duidelik spanning tussen die vrye vorm van Boesman-vertelling en Lloyd se Europese raming van die vertellings. Lloyd se veranderinge het duidelik Westerse kulturele kondisionering uitgedruk, maar haar letterlike vertaalwyse onthul tog 'n bemiddelingsaspek in vertalersagentskap. In teenstelling met Bleek se meer afgewerkte benadering, skep haar letterlike vertaalmetode tog ruimte vir die waardering van /Xam-estetika. Wessels (2008:76) beskryf Lloyd se vertaalbenadering as bemiddelaar as hoogs samewerkend, aangesien vertalings ontstaan het uit ingewikkeld onderhandeling en interaksie met informantie om die betekenis van narratiewe te begryp en akkuraat weer te gee.

Verskille tussen Lloyd en Bleek se navorsingsbenaderings is reeds genoem. Dorothea het 'n metode van ondersoek gevolg wat bestaan het uit die gelyktydige versameling tydens ekspedisies van 'n groot verskeidenheid inligting (taalkundig, kultureel, fisies, ens.). Weintroub (2009) beskryf haar navorsing as "a magpie's collection of ethnographic titbits". Op hierdie manier het sy 32 notaboeke saamgestel wat fragmentariese Engelse vertalings uit verskeie Boesmantale ingesluit het. Daar was egter ooreenkomste met Lloyd se benadering in metodes van vertaling en "raming". Laasgenoemde blyk veral uit Bleek se verwerking van Lloyd en Wilhelm se materiaal vir publikasie. Hierdie ooreenkomste is nie verbasend nie, gegewe die feit dat Bleek deur Lloyd in vertaling opgelei is. Wat raming betref, kritiseer Wessels (2012:34) Bleek se hoë mate van verwerking van die manuskripte in haar publikasie *Mantis and friends: Bushman folklore from material collected W.H.I. Bleek and the late Dr. Lucy C. Lloyd* (1923). Sy het dit so ver gevoer as om verwijderde gedeeltes uit die materiaal saam te voeg, hoewel sy beweer het dat sy slegs vervelige herhaling uitgelaat het en getrou gebly het aan die transkripsies (Wessels 2012:34). Hollmann (2020) spreek ook in die volgende aanhaling kritiek uit teen Bleek se publikasie van nege artikels in die tydskrif *Bantoe-Studies* onder die opskrif "Customs and beliefs of the /Xam Bushmen":

In preparing the narratives, Dorothea sacrificed the /Xam idiom for more familiar English modes of speech, as was also the case in *Specimens of Bushman folklore*. And while Dorothea's invaluable translations are always closely aligned to the /Xam text, she did intervene in a number of ways, omitting /Xam comments and other details that she did not consider directly relevant to the narrative. References to urination and genitalia were excised.

Hollmann (2020) kritiseer haar behoud van argaïese taal en Engelse idioom ten koste van die idiomatiese nuanses van /Xam en beskryf haar taal as onderdrukkend. Vergelyking van Lloyd en Wilhelm se manuskripte met Bleek se verwerkings wys dat sy dikwels verskeie kort sinne uit die bronsteks in 'n enkele, komplekse Engelse sin verwerk het, en sodende die bronstyl glo wanverteenwoordig het (Hollmann 2020). Tog is 'n soortgelyke algemene vertaal- en ramingsmetode steeds aanwesig.

Die kulturele spanning wat blyk uit die vertaalmetodes wat deur Lloyd en Bleek toegepas is, is nie vreemd vanuit 'n vertaalkundige perspektief nie en kan trouens as kenmerkend van interkulturele vertaling gesien word. Dit weerspieël die omstredenheid wat in huidige literatuur aan Lloyd en Bleek as interkulturele bemiddelaars gekoppel word. Aan die een kant word veral Lloyd as progressief en vrydenkend beskou en haar omgang met Boesman-informante as 'n welkome kontras met koloniale rasseevooroordelé gesien. Aan die ander kant is dit duidelik, en nie verbasend nie, dat sy onder die invloed van Westerse kulturele en wetenskaplike kondisionering was, wat uiteindelik berus het op 'n ideologie van rasselfierargie. Bleek word as konserwatief en selfs rassisties in vergelyking met Lloyd beskou en haar raming van die /Xam-manuskripte word duidelik sterk gekritiseer. Tog word haar rol in die behoud van Boesman-tale en haar toewyding geprys. Hierdie polemiek karakteriseer die huidige beskouing van Lloyd en Bleek se agentskap as wit vroue tydens die koloniale tydperk.

## 6. Ten slotte

Die vraag wat ten slotte beantwoord moet word, is watter ooreenkomste uit die ontledings blyk en wat hierdie ooreenkomste toevoeg tot ons begrip van koloniale vrouevertaling en vertaling as 'n sosiaal gekontekstualiseerde verskynsel. Die eerste ooreenkoms wat waarneembaar is in die ondersoekte gevalle is dat *toeval* betrokke was in vroue se betrokkenheid in vertaling. Kulturele en strukturele kondisionering het nie ruimte gelaat vir vroue om onder gewone omstandighede te kies om as vertalers te dien nie en 'n samesmelting van primêre agentskap en ander toevallige omstandighede moes plaasvind om rolle vir vroue as vertalers te skep. In bykans elke geval het *manlike sanksionering* (as deel van toevallige omstandighede) 'n belangrike rol gespeel om vrouevertaling toe te laat, goed te keur en te regverdig binne 'n beperkende kulturele ruimte. 'n Verdere ooreenkoms tussen die bespreekte vrouevertalers is 'n baie *aktiewe* beoefening van agentskap om veral *persoonlike* redes (aanvaarding, geloofs-oortuiging, lojaliteit en familietradisie). Vertaalwerk was nie hoofsaaklik prakties of ekonomies gemotiveer nie en daar was geen sprake van korporatiewe agentskap en dus sosiale organisasie nie. Daar was trouens nie veel van 'n bewussyn van marginalisering nie. Tog was daar in elke geval sterk persoonlike aandrif waarin 'n poging waarneembaar is om persoonlike identiteit en bedryfsrol te vereenselwig. In hierdie opsig sluit die bevindings aan by Wimalasena (2017:14–5) se opmerking rondom werk en vroue-agentskap dat “*work plays [a unique role] in women's lives in enabling the conscious manoeuvring of their life journeys ... [and] holds even the potential of being an emancipatory life strategy*” (oorspronklike klem). Sosiale akteurskap het vertaling dus onderbewustelik gemotiveer en hoewel dit nie onproblematis was nie, het ten minste drie van die vertalers daarin geslaag om die rol van sosiale akteur tot 'n mate te bereik. In Krotoa se geval het 'n aktiewe uitbuiting van omstandighede geleid tot tydelike statusverheffing en sosiale aanvaarding deur die vertalerrol, maar die vereenselwiging van persoonlike en professionele identiteit was problematies. In Zara Schmelen se geval is 'n Christelike lewensdoel te midde van talle uitdagings deur vertaling vervul. In Lucy Lloyd en Dorothea Bleek se gevalle is ruimtes geskep vir makliker vereenselwiging van persoonlike identiteit (veral geslagsgebonden identiteit) en sosiale rol.

Daar was dus verskille in die maniere waarop hierdie vroue met strukturele en kulturele invloede omgegaan het in 'n poging om sosiale akteurskap te bereik. In hierdie verband is 'n opmerking van Wimalasena (2017:15) weer eens treffend, naamlik dat “*a morphogenetic view of women's agency can provide realistic explanations regarding the subtleties associated with their responses to social powers and observes that not all action by women results in reproducing existing social structures.*” Hoewel daar 'n sterk mate van morfostase teenwoordig was ten opsigte van die rol van vroue as vertalers en die beoefening van vertaling binne 'n koloniale konteks, getuig klein nuances en selfs kleinskaalse morfogenese in hierdie gevalle van 'n spesifieke vroulike aanslag tot vertaling.

Wat die sosiale rol van vertaling in meer algemene sin betref, bied hierdie navorsing 'n sterk beklemtoning van die motto van die sosiologie van vertaling: dat vertaling geensins bloot 'n neutrale, funksionele aktiwiteit is nie, maar hoogs weerspieëlend van sosiale eienskappe is. Wat 'n fokus op vrouevertalers en Archer se idees rondom agentskap tot hierdie waarneming byvoeg, is 'n waardering van die rol van vertaling in individue se beweging binne komplekse sosiale omgewings en in hul strewe na persoonlike doelwitte. Dit lig die rol van vertaling uit in die skep van nuwe, kreatiewe en spontane refleksieve aktiwiteite om die uiteenlopende kousale magte van sosiale strukture te bemiddel (Archer 2007:109).

## Bibliografie

- Abrahams, Y. 1996. Was Eva raped? An exercise in speculative history. *Kronos: Journal of Cape History*, 23:3–21.
- Alexander, N. 1989. *Language policy and national unity in South Africa / Azania*. Kaapstad: Buchu Books.
- Archer, M.S. 1979. *Social origins of educational systems*. Londen en Beverly Hills: Sage.
- . 2000. *Being human: The problem of agency*. Cambridge: Cambridge University Press.
- . 2007. *Making our way through the world: Human reflexivity and social mobility*. Cambridge: Cambridge University Press.
- . 2013. Social morphogenesis and the prospects of morphogenic society. In Archer (red.) 2013.
- Archer, M.S. (red.). 2013. *Social morphogenesis*. Dordrecht, Heidelberg, New York, Londen: Springer.
- Archer, M.S., C. Decoteau, P. Gorski, D. Little, D. Porpora, T. Rutzou, C. Smith, G. Steinmetz en F. Vandenberghe. 2017. What is critical realism? *Perspectives: A Newsletter of the ASA Theory Section*. <http://www.asatheory.org/current-newsletter-online/what-is-critical-realism> (2 Februarie 2022 geraadpleeg).
- Archer, M.S. en J. Morgan. 2020. Contributions to realist social theory: An interview with Margaret S. Archer. *Journal of Critical Realism*, 19(2):179–200.
- Badassy, P. 2002. Turbans and top hats: Indian interpreters in the Colony of Natal, 1880–1910. MA-verhandeling, Universiteit van Natal.
- Bank, A. 2006. *Bushmen in a Victorian world: The remarkable story of the Lloyd collection of Bushman folklore*. Kaapstad: Double Storey.
- . 2010. Evolution and racial theory: The hidden side of Wilhelm Bleek. *South African Historical Journal*, 43:163–78.
- Bartnik, R. 2010. Review: *Knowledge and colonialism: Eighteenth-century travellers in South Africa* by Siegfried Huigen. *Werkwinkel*, 5(1):111–7.
- Bieler, A. en A.D. Morton. 2001. The Gordian knot of agency-structure in international relations: A neo-Gramscian perspective. *European Journal of International Relations*, 7(1):5–35.
- Bleek, W.H.I. 1983. On the origin of language as a first chapter in a history of the development of humanity. In Koerner (red.) 1983.

Beukes, A.-M. 1993. Vertaling in Suid-Afrika: 'n Kritiese perspektief. Doktorale proefskrif, Randse Afrikaanse Universiteit.

Case, J. 2015. A social realist perspective on student learning in higher education: The morphogenesis of agency. *Higher Education Research and Development*, 34(5):841–52.

Conradie, P. 1998. The story of Eva (Krotoa): Translation transgressed. *Journal of Literary Studies*, 14(1–2):55–66.

DBLC (Digital Bleek-Lloyd Collection). s.j. <http://lloydbleekcollection.cs.uct.ac.za> (10 November 2021 geraadpleeg).

Dedering, T. 1997. *Hate the old and follow the new: Khoekhoe and missionaries in early nineteenth-century Namibia*. Stuttgart: Franz Steiner.

Den Besten, H. 2010. A badly harvested field: The growth of linguistic knowledge and the Dutch Cape Colony until 1796. In Huigen, De Jong en Kolfin (reds.) 2010.

Elphick, R. 2012. *The equality of believers: Protestant missionaries and the racial politics of South Africa*. Charlottesville en Londen: University of Virginia Press.

Giddens, A. 1984. *The constitution of society: Outline of the theory of structuration*. Cambridge: Polity Press.

Goodrich, J. 2013. *Faithful translators: authorship, gender, and religion in early modern England*. Evanston: Northwestern University Press.

Hollmann, J. 2020. Speaking for themselves? Dorothea Bleek's translation and editing of /Xam narratives in *customs and beliefs of the /Xam Bushmen*. <https://www.curatorium.co.za/speaking-for-themselves/> (3 Februarie 2022 geraadpleeg).

Huigen, S., J.L. de Jong en E. Kolfin (reds.). 2010. *The Dutch trading companies as knowledge networks*. Leiden: Brill.

Keegan, T.J. 1996. *Colonial South African and the origins of racial order*. Kaapstad en Johannesburg: David Philip.

Kleinschmidt, H. 2012. The last Khoikhoi chief of Kommagas. <https://www.sahistory.org.za/archive/last-khoikhoi-chief-komaggas-horst-kleinschmidt-november-2012-sk-newsletter-15> (7 Februarie 2022 geraadpleeg).

Koerner, K. (red.). 1983. *Linguistics and evolutionary theory: Three essays by August Schleicher, Ernst Haeckel, and Wilhelm Bleek*. Amsterdam: John Benjamins.

Landman, C. 1996. The religious Krotoa (c. 1642–1674). *Kronos*, 23:22 [https://journals.co.za/doi/10.10520/AJA02590190\\_312](https://journals.co.za/doi/10.10520/AJA02590190_312) (1 Januarie 2022 geraadpleeg).

- Little, D. 2012. The social world as morphogenesis. <https://understandingsociety.blogspot.com/2012/05/social-world-as-morphogenesis.html> (30 November 2021 geraadpleeg).
- Maccarini, A.M. 2013. The morphogenetic approach and the idea of a morphogenetic society: The role of regularities. In Archer (red.) 2013.
- Olsen, B. 2008. An overview of translation history in South Africa 1652–1860. MA-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand.
- Ouzman, S. 1998. Review: Conversations that captivate, paintings as postscripts. *The South African Archaeological Bulletin*, 53(167):39–43.
- Pratt, M.L. 1992. *Imperial eyes: Travel writing and transculturation*. Londen en New York: Routledge.
- Schoeman, K. 1997. *A debt of gratitude: Lucy Lloyd and the “Bushman work” of G.W. Stow*. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.
- Scully, P. 2005. Malintzin, Pocahontas, and Krotoa: Indigenous women and myth models of the Atlantic World. *Journal of Colonialism and Colonial History*, 6(3):1–12.
- Skotnes, P. 2007. *Claim to the country: The archive of Lucy Lloyd and Wilhelm Bleek*. Johannesburg en Kaapstad: Jacana.
- Staphorst, L. 2021. Voorgevoelens, vertolkings en verklaarings: Resepsie van 'n 19de-eeuse /xam-kum. *Tydskrif vir Letterkunde*, 58(2):103–17.
- Sydie, R.A. 2002. *Being human: The problem of agency* by Margaret S. Archer. *Canadian Journal of Sociology*, 27(4):585–7.
- Trüper, U. 2000. *Die Hottentottin: Das kurze Leben der Zara Schmelen (ca. 1793–1831), Missionsgehilfin und Sprachpionierin in Südafrika*. Keulen: Köppe.
- . 2006. *The invisible woman: Zara Schmelen. African mission assistant at the Cape and in Namaland*. Basel: Basler Afrika Bibliographien.
- Van Vuuren, H. 1994. Forgotten territory: The oral tradition of the /Xam. *Alternation*, 1(1):57–70.
- Weintroub, J. 2009. Sisters at the rockface – the Van der Riet twins and Dorothea Bleek's rock art research and publishing, 1932–1940. *African Studies*, 68(3):402–28.
- . 2016. *Dorothea Bleek: A life of scholarship*. New York: New York University Press.
- Wells, J. 1998. Eva's men: Gender and power in the establishment of the Cape of Good Hope, 1652–74. *Journal of African History*, 39:417–37.

Wessels, M. 2008. New directions in /Xam studies: Some of the implications of Andrew Bank's "Bushmen in a Victorian World: The remarkable story of the Bleek Lloyd Collection of Bushman folklore". *Critical Arts*, 22(1):69–82.

—. 2012. The /Xam narratives of the Bleek and Lloyd Collection: Questions of period and genre. *Western Folklore*, 71(1):25–46.

Wimalasena, L. 2017. Reflexivity and women's agency: A critical realist morphogenetic exploration of the life experience of Sri Lankan women. *Journal of Critical Realism*, 16(4):3:83–401.

## Eindnotas

<sup>1</sup> Daar is omstredenheid rondom bykans elke term wat in verband met hierdie groep gebruik word (*San, Saan, Basarwa, Boesman*). Aangesien die term *Boesman* in meer onlangse studies verkies word, word dit hier gebruik.

<sup>2</sup> Olsen (2008:12) voer aan dat talle Khoekhoen binne slegs vyf jaar sedert die Nederlanders se aankoms in Nederlands kon kommunikeer.

<sup>3</sup> Badassy (2002:15) noem dat 'n Indiërvrou wat voorheen in diens van dominee Crompton in Pinetown was, in 1860 as hoftolk in Natal gedien het. Dit kom voor dat dit slegs 'n tydelike rol was.

<sup>4</sup> *Nama* is 'n naam van die Khoekhoen en die Kaapse Khoe-taal wat in die tyd en gebied waarin die Schmelens gewoon het, verkies is.

<sup>5</sup> In hierdie artikel word voorname gebruik om tussen familielede met dieselfde van te onderskei waar verwarring mag voorkom.

<sup>6</sup> Die onlangse viering van Zara Schmelen se lewe deur haar afstammelinge en gemeenskappe in die Noord-Kaap word op Horst Kleinschmidt se persoonlike webwerf ten toon gestel (<http://www.horstkleinschmidt.co.za/zara-and-hinrich-schmelen-200th-anniversary.html>). Die webwerf sluit skakels na die SABC se dekking van hierdie gebeurtenis in.

<sup>7</sup> Hierdie argief is gedigitaliseer en beskikbaar as die digitale Bleek-Lloyd-versameling (DBLC s.j.).